

REPOS AILLEURS.

(Rus Elders.)

In die eensame veld
 staan 'n tentjie klein,
 en daarnaas in die skeemring
 skuif die liggende trein;
 ek sien in die tentjie,
 deur die ope gordyn,
 'n tafel met bordjies,
 en glasies fyn,
 wat sag in die lig
 van 'n kersie skyn;
 en ek dag: „was ek net
 in die tentjie klein,
ek sou tog o so gelukkig syn.”

Naas die eensame tent
 staan 'n meisie klein
 in stille bewondering
 vir die liggende trein;
 sy sien my geniet
 my glansende wyn
 en kostlike maal
 by elektriese skyn;
 en ek raai die gedagte
 van die meisie klein:
 „og. was ek maar net
 in die vrolike trein,
ek sou tog o so gelukkig syn.”

Totius (dr. J. D. du Toit).

DIE JAPANESE STEENHOUER.

Daar was 'n man, wat klippe uit die rots gekap het. Sy werk was baie swaar, en hy het baie gewerk; maar sy loon was maar min, en hy was nie tevrede nie.

Hy het gesug omdat sy werk swaar was, en het uitgeroep: „Ag, as ek tog ryk was, sodat ek kon rus op 'n rusbank met gordyne van rooi sy.”

Daar het 'n engel uit die hemel gekom en gesê: „Dit sal met jou gaan soos jy begeer het!” En hy was somar ryk. Hy het gerus op sy rusbank, en die gordyne was van rooi sy.

Die koning van die land het verbygetrek met ruiters voor sy wa: en ook agter die wa was ruiters, en hulle het die goue sambreel bo die hoof van die koning gehou.

Toe die ryk man dit hoor, was hy verdrietig daaroor, dat daar nie 'n goue sambreel bo-oor sy hoof gehou word, en hy was nie tevrede nie.

Hy het gesug en uitgeroep: „Ek wens dat ek koning was!”

En daar het 'n engel uit die hemel gekom, en gesê: „Dit sal met jou gaan soos jy begeer het!”

En toe was hy koning. En voor sy wa het baie ruiters gery en ook agter sy wa was ruiters, en bo sy hoof het hulle 'n goue sambreel gehou.

En die son het met gloeiende strale geskyn en die aardryk verbrand, sodat die gras verdroog het.

En die koning het gekla dat die son sy gesig geskroei het, en mag oor hom gehad het. En hy was nie tevrede nie.

Hy het gesug en geroep: „Ek wens dat ek die son was!”

En daar het 'n engel uit die hemel gekom en gesê: „Dit sal met jou gaan, soos jy begeer het!”

En hy was die son. En hy het sy strale boontoe en ondertoe, na die regterkant en die linkerkant toe en orals gestuur, en hy het die grassies op die aarde en die gesigte van die vorste wat op die aarde was, verskroei.

En toe kom daar 'n wolk tussen die aarde en hom, en die strale van die son stuit daarop terug.

En hy word kwaad dat daar iets was wat sy mag teëstaan, en hy het gekla dat die wolk mag oor hom het. En hy was weer nie tevrede nie.

En toe wil hy die wolk wees, wat so magtig was.

En daar het 'n engel uit die hemel gekom en het gesê: „Dit sal met jou gaan soos jy begeer het.”

En hy word 'n wolk. Hy het hom tussen die son en die aarde geplaas, en hy het die strale opgevang, sodat die gras groen geword het. En die wolk het groot druppels op die aarde laat reën, en het die riviere laat rys, en die oorstroming het die vee laat wegdrywe. En die groot water het die veld verwoes.

En die water het op 'n rots geval, wat nie week kon word, en het met groot geraas oor hom gestroom, maar die rots het nie padgegee nie.

En hy het kwaad geword dat die rots nie wou padgee nie, en omdat die krag van die stroom net verniet was. En hy was weer nie tevrede nie.

En hy het geroep: „Aan die rots is mag gegee bo my, ek wil graag die rots wees!”

En daar het 'n engel uit die hemel gekom en gesê: „Dit sal met jou gaan soos jy begeer het.”

En hy het 'n rots geword. Hy het vas gestaan as die son skyn en as dit reën.

En daar het 'n man gekom met 'n breekyster en met 'n skerp beitel en met 'n swaar hamer, wat klippe uit die rots kap.

En die rots het gesê: „Wat is dit, dat die man mag het oor my en klippe uit my kap?” En tevrede was hy nie.

En hy het weer geroep: „Ek is swakker as hierdie man. Ek wil graag die man wees.”

En daar het 'n engel uit die hemel gekom, die het gesê: „Dit sal met jou gaan soos jy begeer het!”

En hy was 'n steenhouer. En hy het klippe uit die rots gekap met swaar werk. En hy het baie swaar gewerk vir min loon, en hy was tevrede.

E. DOUWES DEKKER (*Multatuli*).

SKULD EN SY SLEGTE GEVOLGE.

Die grootste vyand van die mense is skuld. Die persoon wat skuldmaak verkwansel sy vryheid. Hy kom nie juis in die tronk nie, hoewel dit baiekeer gebeur, maar ek bedoel hy is nooit vry van onrus en besorgdheid nie. Daar hoor hy iemand aan die deur klop. Ag, wie sou dit nou weer wees! Sy hart klop, want dalk is dit 'n brief van die prokureur, of 'n dagvaring, of 'n dreiemment om sy goed in beslag te neem.

Die skuldenaar het altyd iets wat hom hinder. Loop hy op die straat dan moet hy altyd loer of hy nie een van sy krediteure sien nie sodat hy vir hulle kan padgee. Hy voel hom verlaag in die oë van ander, ja, hy skaam hom vir homself. Hy moet maar ewe gewillig toegee aan die kwaai versoek van sy winkeliers. Hy is altyd besig met gemaakte ekskuse, probeer om medelyde vir hom op te wek, of soebat om uitstel. Hy het die manlike houding van 'n vry man verloor.

Daar is nie 'n beter raad in hierdie saak as wat dr. Johnson aan sy vrind Boswell gegee het nie: „Spandeer altyd minder as wat jy besit.” As julle hierdie goeie raad

wil opvolg dan sal julle nooit iets koop voordat julle dit kan betaal nie. En omdat julle dan kontant kan betaal vir wat julle koop, is julle in staat om baie meer vir geld te kry. Dit is baie sleg om „van die hand na die mond” te lewe, maar dit is nog slegter om „van die mond na die hand” te lewe, soos baie mense doen wat hul geld opeet voordat hul dit nog verdien het.


Om skuld te vermy moet jy die oorsake vermy wat jou daarin kan bring. Wat is die oorsake? Een van die vernaanste is die drank. Elkeen weet dat die liefde vir sterk drank die voorloper is van armoede. 'n Man wat onmatig is, gooi nie alleen sy geld weg nie maar ook sy gesondheid; hy verloor nie alleen sy karakter nie, maar baiekeer sy betrekking.

'n Ander gewone oorsaak is die begeerte om jou anders voor te doen as wat jy is, om jou ryker te hou as wat jy is, om in 'n mooier huis te woon of volopper te lewe as wat jy kan bekostig. Dit is 'n fout waar al die klasse van mense aan ly, en dit is grootliks die gevolg van die kredietstelsel wat ons het. Baiekeer praat 'n winkelier die vroue van eerlike en flukse werksmense om, om op skuld te koop sonder dat hulle mans daarmee ingestem het. Die pronkduiwel is baiekeer die oorsaak van skuld en die ellende wat daarop volg. Die begeerte om in vere en linte rond te stap is baiekeer die lokaas vir 'n arme vrou om in skuld te raak. Dit duur ook nie lank nie of die man vind uit dat daar elke week 'n goeie klompie van sy geld moet afgaan vir hierdie onnodige pronkery. Geen wonder dat rusie nou oor die drempel stap om te woon in die huis, waar vroeër vrede en liefde geheers het. Julle sien dus dat skuld die oorsaak is van die verlies van geluk, van vryheid en onafhanklikheid, ja, hy is die angel wat die gif van armoed in ons lewe inspuit. Hy is die prikkel tot oneerlikheid.

Ek sal julle 'n geskiedenis vertel van 'n treurige geval, waarvan skuld die oorsaak was.

Daar was 'n seun, die kind van 'n offisier, wat vir sy land sy lewe gegee het. Die goewerment gee die kind toe 'n betrekking en met die geldjies wat hy verdien het hy sy moeder en twee sussies versorg. Getrou het hy elke maand die geld aan sy moeder kom afgee, en dit was vir hom 'n plesier en 'n eer.

Maar ongelukkig kry hy naderhand 'n nuk om mooi aan te trek. Hy was nie wys genoeg om in te sien dat 'n rein en onselfsugtige hart baie mooier is as die uitwendige tooi nie. Hy het sy moeder en susters liefgehad, maar sy liefde vir mooi aantrek het sterker en sterker geword. Die mooi klere van die ander klerke het hom ondergesit. Toe hy op 'n ongelukkige dag skaam kry dat hy slegter aangetrek is as die ander, stap hy na 'n kleremaker toe en order 'n pak klere na die nuutste mode op skuld. Die meulsteen was nou klaar om sy hals. Hiervandaan het dit hom dieper en dieper die afgrond ingetrek. Vir 'n klein rukkie het hy met plesier die mooi klere gedra, maar die dag van betaal was ook gou daar. Die kleremaker begin hom op te druk. Om van sy krediteur af los te kom steel hy 'n tienpond noot. Hy betaal die kleremaker, maar sy diefstal het uitgekom. Die baas van die geld wis die nommer van die noot. Hulle begin spoor vat en kry dit by 'n handelaar en daaryndaan het hul gou die dief in hande gehad. Wat was die gevolg? Hy moes daardie mooi pak verruil vir die van 'n gevangene in die tronk.



Seestag by Salamis.

DIE SLAG BY SALAMIS.

480 v.C.

Omdat die Grieke deur 'n boodskapper verneem het, dat Leonidas met sy Spartane gedood was, het hulle die terugtog nie langer uitgestel nie. Die Persiese skare het in die tussentyd die eiland Euboea en die Griekse vasteland oorstroom. Die stede het hulle aan brand gesteek en die inwoners tot slawe gemaak. Die Ateners het begryp dat hulle vir hulle in die stad nie sal kan verdedig nie, vernaamlik omdat al die ander Grieke hulle verlaat het, en na die suidelike skiereiland Peloponnesus uitgewyk het. wat net maar deur die smal landengte van Korinte verbind is. Hierdie landengte het hulle versterk, hulle het 'n stewige muur daar dwarsoor gebou, en Atene aan sy lot oorgelaat.

Themistokles het deur sy welsprekendheid dit sover gekry, dat al die burgers, wat wapens kon dra, op die skepe gaan dien het, terwyl die wat hulle self nie kon verdedig nie, na die naburige eilande moes vlug. Die volk het met 'n beswaarde hart gehoorsaam, want hulle het gedink, dat hulle geen geluk meer sal hê, as die heiligdomme van die gode en die grafte van die voorvaders aan die barbare sou prys gegee word nie. Maar 'n voorteken het hulle moed gegee om darem maar te trek. Die slang, wat op die kasteel in die tempel van Minerwa onderhou geword het, het die heuningkoek, wat vir hom ál maande gegee word, nie opgeëet nie. Daaruit het die Ateners afgelei, dat die godin self die stad verlaat het. Toe nou soveel mense van hulle vaderland afskeid geneem het, was die gesig nie minder aandoenlik as bewonderenswaardig nie; want die manne het standvastig gebly by die trane en omarming van hulle vroue en kinders, en het na die eiland Salamis oorgeseil. Die getroue huishonde het tot aan die hawe

agter hulle meesters aangeloo, en toe hulle moes agterbly, en hulle meesters sien wegroei, het hulle 'n jammerlike gehuil opgesit. 'n Getroue waterhond het in die see gespring en het met al sy krag die skip van sy meester agterna geswem, maar die distansie was vir die kragte van die goeie dier te lank, en toe hy op die oewer van die eiland Salamis aankom, het hy nog eenkeer na sy meester omgekyk en gesterwe.

Die Ateners het skaars hulle stad verlaat, of Xerxes was daar, en het die hele land met sy skare bedek; hy het die stad geplunder en toe aan brand gestee. Die Ateners het van Salamis uit die rookwolke en vlamme gesien opstyg. Tegelykertyd het die Persiese vloot aan die kus van Atene verskyn. Die orige Grieke, wat al teen hulle sin hulle skepe by die Ateense laat bly het, wou nou vlug, toe hulle die hele see met Persiese seile bedek sien, en selfs die dapper Spartane, wat 'n lafhartige aanvoerder gehad het, wou die Ateners in die steek laat. Dit sou die beste wees, so het amper almal gedink, om in die Peloponnesus veiligheid te soek. Themistokles het hom terdeë versit teen so 'n voorneme, en het vir Eurybiades gedreig, dat hy, as die Spartane nie wou bly nie, met sy Ateners Italië-toe sou seil om daar 'n nuwe vaderland te soek. Maar dit was alles verniet. Hulle wou in die nag heel stilletjies na die Peloponnesus ontvlug.

Toe het Themistokles 'n moedige lis uitgedink. Hy het 'n getroue slaaf na die koning van Persië gestuur en vir hom laat sê: „Ek meen dit goed met u, o Koning. Die eerste nag wat kom, sal die Grieke uit die baai van Salamis wil ontvlug, om hulle skepe en hulle self van sekere ondergang te red. Nou het u nog almal bymekaar, omsingel die baai, en dit sal vir u maklik wees om almal in u mag te kry!”

Xerxes het die raad aangeneem. Hy het die baai dieselfde aand nog omsingel, en die Grieke, wat wou ontvlug, was toe verplig om te veg. Themistokles het egter

die hele Ateense vloot al klaargemaak om die vyand te ontvang. Die vloot het toe dapper aangeval; en dit het die ander moed gegee. Die Persiese skepe het in die donker nag, in waters wat hulle nie geken het nie, dikwels op klippe geloop. Van hulle groot getal het die Perse volstrek geen gebruik kon maak nie, en in die nou baai het maar altyd min in geveg kon kom. Die Persiese skepe was nog daarby baie langsaam, en as een deur die Griekse teruggedring was, het hy twee of drie ander in verwarring gebring. Die Grieke het wondere van dapperheid verrig, en spoedig was die water met lyke besaai, wat tussen die stukkende roeispane en verbryselde skepe rondgedryf het. Hierby het nog gekom dat die Grieke van Klein-Asië, wat gedwing was om die Persiese krygstog mee te maak, na hulle Europese broers oorgekom het. Die hele Persiese vloot het toe op die vlug gegaan. Xerxes het op die land op 'n hoë troon gesit, en na die seeslag gekyk. Toe hy nou die verstrooiing en die vlug van sy skepe sien, het hy ook met haas gevlug, en het aan sy landleër nie meer gedink nie. Hy het al die kosbaarhede agter laat bly, en geen rus en geen duur gehad eer hy by die Hellespont gekom het nie. Sy skipbrug was deur die storm onbruikbaar geword; die angst vir die Grieke wat hom vervolg, het hom dapper gemaak; hy het in 'n klein vissersskuit ingeklim, en met lewensgevaar na Asië oorgeseil. Sy groot leër het hom gevolg, maar siekte en dood het duisende van hulle weggesleep. Daar was nog net driehonderdduisend man oor, wat noordwaarts aan die grense van Griekeland bly staan het. Hierdie leër het in die volgende jaar Griekeland nog 'n slag aangeval en het alles verwoes wat hulle nog in die vorige veldtog laat oorbly het: Die oorlogsvloot van die Perse het weer bymekaargekom, en opnuut die Griekse volk bedreig. Al twee die vyandelike krygsmagte was egter nou op die water en op die land so geslaan, dat die trotse Persiese koning nooit weer gewaag het om die Grieke in Griekeland aan te val nie.

Griekeland het erken dat hy sy redding enkel en alleen aan die Ateners te danke gehad het, en onder die Ateners vernaamlik aan Themistokles. Die Spartane het hom in triomf na die hoofstad gelei, het hom 'n olyfkrans gegee as 'n prys vir sy wysheid, het hom die mooiste wa, wat in die stad te krye was, present gegee, en het hom plegtig deur driehonderd jongelinge tot aan die grens laat begelei. Toe later byna geheel Griekeland by die Olimpiese spele bymekaar was om volgens ou gebruik wedstryd in worstel en hardloop te hou, en ook Themistokles daarby verskyn het, het hy sodanig die opmerkzaamheid van die gehele volk getrek, dat al die toeskouers die spelers vergeet en die heel dag hulle oë maar net op hom gehou het. Die een het hom vir die ander gewys; die naam van Themistokles was in almal se monde, en innig geroerd het die held aan sy vrinde bely, dat die dag die skoonste van sy lewe was.

A. W. GRUBE.

DIE ONTEVREDE SLINGER.

'n Ou horlosie het vir vyftig jaar lank al in die kombuis van 'n boer gestaan. Nooit het hy die eienaar rede tot klae gegee nie. Een môre vroeg, voordat die boer op was, gaan die ou horlosie somar staan.

Hierop verander die wysterplaat—as 'n mens die fabel kan glo—met groot lawaai sy gedaante; die wysters probeer, maar kon nie vooruitkom nie; die ratjies gaan staan en kon nie uitmaak wat aangaan nie; die gewigte hang sprakeloos; die een wil die skuld op die ander lê. Dit het so aangehou totdat die wysterplaat naderhand 'n voorlopige ondersoek instel om die oorsaak van die stilstaan uit te vind. Die wysters, ratjies en gewigte pleit almal onskuldig.

Daar hoor hulle 'n tikkie wat van die slinger af kom en hy begin ook somar te praat: „Ek erken dat ek die oorsaak is waarom alles nou stil staan, en ek is gewillig om my redes daarvoor te noem. Die hele ding draai hierom, dat ek moeg is om te tik.” Toe die ou horlosie dit hoor, word hy so woedend dat hy hom byna nie kon keer nie. „Luie otjie!” skreeu die wysterplaat vir die slinger.

„Baie lekker om uit te skel!” antwoord die slinger; „dit is baie gemaklik vir jou, juffrou Wysterplaat, wat maar net altyd, soos elkeen weet, hier bokant my gesit het,— ek sê, dis baie gemaklik vir jou om ander te beskuldig! jy, wat jou hele lewe niks anders te doen gehad het nie, as om jou gesig vir ander mense te wys, en die plesier te hê om net te kyk wat daar in die kombuis aangaan. Dink 'n bietjie daaraan hoe jy sou gevoel het om jaar in en jaar uit in hierdie donker hoekie heen en weer te slinger.”

„Daar is tog 'n venster in jou huis,” sê die wysterplaat, „wat net vir jou bedoel is en daardeur kan jy mos maklik sien.” „Ja maar,” hervat die slinger, „dit is baie donker hier en al is daar 'n venster, ek kan nie eers vir 'n oomblik ophou om daardeur te kyk nie. Ek is ook al moeg vir hierdie soort lewe; en, as jy wil weet, sal ek jou vertel hoe dit kom.

„Vanmôre het ek begin te tel hoeveel keer ek in die volgende vier-en-twintig uur sal moet tik; miskien kan een van julle daarbo vir my die regte getal gee.” Die minuutwyster, wat nogal vinnig kan uitreken, antwoord, „Ses-en-taggentigduisend vierhonderd maal.”

„Presies so,” antwoord die slinger. „Nou ja, ek vra julle nou of die *gedagte* daaraan nie al genoeg is om 'n mens moeg te maak nie; en toe ek nou begin om die slae van een dag te vermenigvuldig met die van maande en jare het ek moed opgegee en somar opgehou.”

„Ag wat, ou Slinger!” sê die wysterplaat, „is dit nie snaaks dat so 'n flukse en arbeidsame persoon, soos jy, jou laat vang van moedeloosheid nie. Dis waar jy het al baie werk op die ou wêreld gedoen, en ons almal moes ook maar werk en sal miskien nog moet werk, maar al word ons nou moeg om daaroor te dink, die vraag is of ons sal moeg word om dit te doen. Doen my nou 'n plesier en gee net 'n halfdosyn tikke om my bedoeling vir jou duidelik te maak.”

Die slinger gee ses tikke op die ou gewone manier. „Kyk nou,” gaan die wysterplaat verder, „het dit jou nou moeg gemaak?” „O nee, glad nie!” antwoord die slinger, „ek praat mos ook nie oor hierdie ou ses tikkies nie, ook nie eers oor sestig nie, maar oor die miljoene.”

„Dis reg,” sê die wysterplaat, „maar dink nou bietjie na, al kan jy nou oor 'n miljoen slae in 'n oomblik *dink*, tog word maar net verwag dat jy een sal doen; en hoe baie maal jy ook hierna sal moet swaai, daar sal altyd 'n oomblik aan jou gegee word om dit te kan doen.” „Daardie gedagte van jou laat my dink, ek moet dit erken,” antwoord die slinger. „Dan hoop ek,” vervolg die wysterplaat, „dat ons dadelik weer almal aan ons werk spring: want die bediendes lê nog in die kooi en ons staan ons tyd en verpraat.”

Die gewigte begin nou ook met hom mooipraat en toe het die slinger ingegee. Almal val nou gelyk weg, die ratjies begin te draai, die wysters gaan aan, die slinger swaai, en tot eer van hom, by tik so luid as ooit. 'n Glinsterende straal van die opgaande son glip deur 'n gaatjie in die kombuis en beskyn die hele wysterplaat.


Toe die boer kom vir sy ontbyt, kyk hy op en sê dat sy horlosie vanmôre 'n halfuur voor is.

'N STIERGEVEG IN SPANJE.

As 'n mens in Madrid die Plaza de Toros betree, sien jy 'n groot amfiteater, van bo heeltemal ope, en met 'n arena of strydperk in die middel. Die sitplase, wat in rye bokant mekaar rondom die hele gebou omloop, kan duisende toeskouers opneem. Die amfiteater van Sevilla het ruimte vir elfduisend mense, die in Madrid vir twaalfduisend-vyfhonderd, en die in Valensië vir sewentienduisend. Die sitplase is gewoonlik almal vol, eer die skouspel begin. 'n Dubbele omheining sluit die arena in, sodat as die stier oor die eerste omheining spring, daar nog 'n tweede tussen hom en die toeskouers bly.

Op die uur, wat bekend gemaak is, gewoonlik vieruur in die agtermiddag—by 'n stiergeveg is selfs die Spanjaarde op hulle tyd—kom daar 'n prosessie die arena binne; alguasils te perd gaan vooraf, in 'n snaakse middeleeuse kostuum, en hulle word gevolg deur chulo's, banderillero's, pikadors en matadors. Die prosessie word besluit deur een of twee span muilesels, drie op 'n ry, wat fraai opgeskik is.

Nadat hulle rondom die arena gemarseer het op die maat van militêre musiek, en die president gegroet het, wat 'n loge teenoor die hoofingang inneem, neem die verskeie deelnemers hulle plase in net soos die spelers in 'n krieketspel. Die trompet word gehoor: die president gooi die sleutel van die toril na die alguasil toe, wat hom in sy gepluimde hoed opvang en dan die deur oopsluit en oopmaak. Dadelik spring hy opsy om vir die stier 'n vrye deurgang te laat kry, anders sou hy hom omverloop en doodmaak. In 'n paar sekondes loop die edele dier binnetoe, kop in die hoogte, en kyk trots om hom heen. Die menigte begroet hom



Stierengeg in Spanje.


met 'n opgewonde geskreeu en die waai van hoede en sakdoeke. Nou kry hy een van die chulo's in die oog en spring na hom toe. Maar die spring opsy, laat sy mantel langs die oë van die stier gly, en kom vry. Die stier kies nou 'n ander uit, nog een van die wat in die mooi kleure uitgedos is, maar altyd met dieselfde afloop. Somtyds kom hy só dig by 'n man, en val hom só herhaaldelik aan, dat die vlugteling hom moet red, deur dat hy oor die omheining moet spring, wat hy so maklik doen as 'n voëltjie. Hierdie gedeelte van die fees is baie mooi. Die skitterende klere en die bevallige bewegings van die manne, wat oor die arena sweef en huppel soos 'n wolk van skoenlappers; die moedige houding van die stier, sy gladde vel en sterk bevallige voorkome maak 'n verblindende skouspel. Die klein gevaar wat die mense loop, maak die opwinding nog groter. Dis maar selde dat een van die torero's gekwes word. Maar dit gebeur tog somtyds, dat een van hulle val en deur die stier deursteek word, terwyl hy probeer om vry te kom. Die kans dat dit kan gebeur, gee 'n hoë graad van spanning aan die belangstelling, waarmee die geveg aanskou word.

Maar vir die Spanjaarde is dit almal maar kinderspel. As dit te lank aanhou, word hulle ongeduldig, en begin te roep om iets beters. Twee pikadors te perd kom nou te voorskyn, en hou die stier besig. Die perde waarop hulle ry, is maar armsalige diere, net geskik vir die vilder, en gewoonlik blind of geblinddoek, sodat hulle die aanval van die stier sonder skrik kan weerstaan. Iedere pikador is gewapen met 'n lang, swaar spies, waarvan die lem maar net een of twee duim uitsteek. Hy kan nie maklik gewond word nie; sy liggaam is met dik opgestopte klere toegemaak, en sy bene met swaar stewels wat van yster en leer gemaak is. Die stier val dadelik een van die aanvallers aan, en word deur hulle met sy spies ontvang. Somtyds geluk dit die ruiter om sy aanvaller terug te drywe; maar dit

gebeur nog meer dat die stier, dol van kwaadaardigheid, deur die wond nog doller van woede word, en verder dring, nieteenstaande dat die spiespunt in sy skouer steek. Die pikador moet nou probeer om sy perd te draai om die aanval mis te loop. Maar dis baie moeilik, en as hy dit nie regkry nie, sal die horings van die stier diep in die perd se liggaam ingaan. Die chulo's probeer die opmerkzaamheid van die aanvaller af te trek, om hulle maat kans te gee om vry te kom. Dan word die ander pikador aangeval, en so gaan die worsteling aan.

Somtyds word 'n perd in 'n oomblik gedood, dit is as die horings een van die edele dele deurboor. Dit kom egter meer voor dat hy hom wegsleep, bloeiende en dodelik gewond. Somtyds word die man en die perd altwee saam heeltemal van die grond opgelig, en met 'n verskriklike krag teen die aarde gegooi. Eenkeer het ek twee perde gelykertyd in die arena gesien rondslinger, terwyl die ingewande op die grond gehang het: die pikadors het darem onbeweeglik gebly in die saal, terwyl die menigte met luid geroep hulle bewondering oor die vreeslik skouspel laat hoor het. Al word 'n perd gewond, tog word dit nie uit die arena weggelei nie. Solank dit op die bene kan bly staan, bly die pikador op sy rug sit, en lok die aanvalle van die stier uit. Somtyds word 'n handvol watte in die oopgeskeurde wond gestop om die bloei 'n bietjie teë te hou, en die ellendige lewe nog 'n paar oomblikke te rek. As die perd ten laaste neerval, word dit aan homself oorgelaat om die doodstryd tot 'n end te bring. Die pikador verlaat die arena vir 'n oomblik, en kom dan terug op 'n ander perd, wat dieselfde lot sal ondergaan. Gewoonlik word vier of ses perde deur 'n stier gedood. Na omtrent tien of vyftien minute begin die stier, wat nou deur bloedverlies swak geword het, en deur die herhaalde aanvalle uitgeput is, te verslap. Nou word dit nodig om vir hom tot nuwe woede aan te spoor. Luid word daar geroep, dat die banderillero's moet kom.

Weer hoor 'n mens die trompet en twee banderillero's kom in die arena. Die eerste kom vorentoe met 'n pyl, wat van hake voorsien is, in elke hand, mooi versier met linte en blomme; en as die stier al te uitgeput is, het die man nog vuurwerk daarby. Hy staan reg voor die arme dier, en as hy buk om hom op te gooi, steek hy een van die pyle in elke skouer en spring vinnig op sy. Die mooi versierde pynigingswerktuie val deur hulle eie gewig om, maar bly in die wonde vassteek. 'n Tweede en derde paar word in die nek van die arme dier gestek, langs die eerste. Somtyds spring die dier in die hoogte van pyn en boosaardigheid, somtyds brul hy en skop die sand in die lug, om hom vry te maak van die pynigende pyle. Hy hol heen en weer en probeer of hy kan wegkom, of om hom te wreek op sy pynigers. Sy vel, so glad as die fynste satyn toe hy in die arena ingekom het, is nou met bloed bedek; sy oog, wat as vuur geskitter het, is mat en van bloed deurloop, sy droë tong hang uit sy bek. Dis onmoontlik om hom aan te spoor of seer te maak om hom verder te laat veg. Die matador of espada kom nou, en as hy sy kans skoon sien, stoot hy sy sabel tussen die halswerwels in die rugstring. Die stier val dood neer. Die volk beloon hom met 'n donderende applous. As die doodmaak van die stier op 'n moedige of geskikte manier geskied is, gooi die dames hulle ruikers en die here hulle hoede en musse na hulle liefeling toe. Die spanne muilesels kom in die arena, en trek die dooie liggame van die stier en van die perde weg; sand word gestrooi oor die bloedplasse in die strydperk; die trompet word weer gehoor; 'n ander stier kom binne, en dieselfde afskullike skouspel word weer en nog weer herhaal, met klein veranderinkies miskien, tot die voorraad van stiere en perde opgebruik is.



Kimberley, se Diamantmyn.

DIAMANTE.

Het julle al diamante gesien? „O, ja!” sê jy, „my oom dra 'n pragtige diamant in sy ring, en as my tante saans uitgaan kan jy hulle oral sien flonker. Dis mos die mooi klippies wat lyk soos glas kristalle, en wat die lig so pragtig weerkaats?”

Juis, maar weet julle waar daardie klippies vandaan kom? Hulle word op verskillende plekke in die wêreld in die grond gekry. Party sê dat hulle in die mond van vulkane ontstaan het onder die invloed van hoë warmte en drukking. Dis byna ongelooflik, dat hulle van dieselfde famielie is as houtskool, en tog is dit so. As 'n mens diamante sterk verhit verbrand hulle net so.

Toe die mense dit uitvind, het hulle probeer om diamante op kunsmatige wyse na te maak. En werklik het 'n Fransman dit reggekry. Die diamante, wat hy gemaak het, was egter so klein en dit het so baie gekos

om hulle klaar te kry, dat hy die bèsigheid maar opgegee het. Dis ook maar gelukkig, want hoe sou anders die duisende mense in Kimberley en Jaersfontein bestaan, om nie eers van al die ander plekke op die wêreld te praat nie.

Die beste diamante kry 'n mens in Brasilië en Indië, maar in ons land is hulle darem ook baie mooi. Hulle is egter liggeel en nie soveel werd as daardie ander nie, tog is hulle baie duur. 'n Diamant word met karate geweë en as hy tweemaal soveel weë as 'n ander, dan kos hy viermaal soveel geld: as hy driemaal soveel weë, dan is hy negemaal so duur, ens.

Dit is mooi om 'n diamantmyn te gaan bekyk. Vir een ding moet ek julle waarsku. As julle binne in die omheining kom, moet julle versigtig wees om geen blink klippies op te tel en in jul sak te steek nie. Al sou julle ook 'n diamant voor jul voete sien glinster, laat hom lê, want daar is 'n swaar straf op die onwettige besit van diamante. Meer as een man, wat aan die Breekwater by Kaapstad werk, is daar omdat hy diamante verkoop en daarmee sy vingers verbrand het.

As 'n mens aankom na die myn toe, sien jy oral hope blou grond, waarop masiene staan, wat lang rye emmers optrek, dit omkeer, en die inhoud, nat blou modder, bo-oor die hoop uitgooi. Dit is uitgewaste grond, waar hulle diamante in gesoek het en wat hulle nou weggooi. Die hele myn is omring deur 'n hoë heining van doringdraad. 'n Paar tree verder staan nog so 'n heining, sodat niemand, wat daar binne is, 'n pakkie kan oorgee aan iemand daar buite nie. In die nag loop daar wagte langs die heining op en neer. Dit is almal Soeloekaffers. Hulle wil nie in die myn met graaf en pik werk nie, maar hulle is eerlik en getrou en daarom pas hulle die ander op. Die eintlike werkers is Basoetoes en Fingo's.

Met 'n verlofbriefjie van die magistraat kan jy deur die kantoor, by die ingang, gaan tot op die rand van die myn. Wat 'n verbasende groot gat, nie waar nie? Die

nense, wat daar onder in werk lyk net so groot soos miere. Op die rand van die gat staan 'n aantal masiene. Van hulle af loop dik staal toue na die bodem van die myn, en daarop word groot yster bakke op en neer getrek. In hierdie bakke word die blou grond gegooi waar die diamante in is en na boontoe opgetrek. Daardie grond is deur middel van dinamietontploffings losgewerk en is so hard, dat mens die kluite eers 'n tydlank op vloere moet uitgooi sodat die wind en reën hulle kan blus.

Die blou stof word dan met water gemeng en gesif. Daar is growwe siwwe en fynes, en langamerhand bly al die groot klippe agter en begin mens uit te kyk na diamante. Dis baie selde dat 'n mens grotes kry, die meeste is maar klein. Die inhoud van die laaste sif word nou op 'n kliptafel uitgegooi en dan begin die sorteerdery. Die sorteerder is verbasend handig met sy werk. Hier kan jy jou lekker vasloop. Dit is soos die spreekwoord sê: „Skyn bedrieg,” want ons sou die klein blink rooi en wit klippies neem, en hulle is tog nie veel werd nie. Die diamante is dof en weerkaats nie lig nie.

Ons sou hulle somar weggegooi het, maar die sorteerder weet beter. Hy maak dit sorgvuldig bymekaar en bring dit na die kantoor toe.

En waar word hulle geslyp? Dit is weer 'n ander soort werk en word in Londen of Amsterdam gedoen. Julle weet diamant is baie hard. Nou ja, die enigste middel om dit te slyp, is om op 'n staal skyf diamantpoeier te gooi en die skyf dan vinnig te laat ronddraai. Dit is baie moeilik om die werk te doen en dit duur lank voor 'n diamant klaar is. Daarom is hulle ook so duur.

Ongeslypte diamante word vernaamlik vir waterbore gebruik. Hulle gaan deur die hardste rotse heen en met behulp van hulle is baie droë plekke al in vrugbare lande verander. Die kleinste diamante word nog weer gebruik om ruite mee te sny.

DIE SERENADE.

Liewe Truitjie,

Oplaas kry ek 'n rustige uurtjie om vir jou 'n briefie te skrywe. Ek wou dit al eerder gedoen het, maar met al die werk kom 'n mens maar moeilik daartoe; jy het self 'n huishou, en weet daarom dat 'n mens dikwels deur allerhande besighede oorlaai word, en aan briefskrywe nie kan dink nie. Gisteraand het ek nog gehoop, as ek met die wasgoed klaar was, om aan jou te gaan skrywe; maar ja mooi, net toe ek met die rek van die goed wou begin, begin die spektakel van die serenade.

Jy moet weet dat dit gister net vyftig jaar gelede was, dat ons dokter, meneer van der Horst, hier begin praktiseer het, en nou het die geneeskundige kommissie die vriendelikheid gehad om vir hom 'n serenade te bring. Nou jy begryp, dat ek niks teen so'n serenade het nie; ek dink alfyd by so'n soort van ding, ons is ook mos jonk gewees; maar gister het die spulletjie vir my danig onpas gekom, want ons wou, soas ek gesê het, juis die wasgoed rek—ons was teenswoordig elke veertien dae. Sien jy, dan het ek in die week as daar nie wasgoed is nie, net maar 'n klein wassie, maar nou was net die groot was aan die beurt. En nou sal jy sê, waarom ek dan so laat saans aan die rek begin. Maar, my liewe Truitjie, wie kom dan oordags daaraan, as die kinders jou gedurig in die pad is? Mietjie en ek het skaars die eerste stuk goed tussen die vingers, of daar begin dit toe-te-roe-toe. Nou sou dit anders nog niks wees nie, en ek sou gesê het, blaas maar soveel as julle wil!—maar dokter woon net skuins oor ons, en so het ons die lawaai uit die eerste hand gekry.

Dit was net om moeilik te word. Ek het net vir klein Fritsie aan die slaap gesus, maar hy het natuurlik dadelik wakker geword deur die gegons van die turkse tamboer—wat maak hulle dan ook in vredesnaam met so 'n heidense masien by 'n fatsoenlike musiekgeselskap—en Miena en Jakob, wat teenswoordig bo slaap, het ook gehoor en somar in hulle nagklere en kaalvoet na die voordeur gevlie. Ek lui die klok vir Geertjie—want omdat dit hier so in die buurt is, het ek gedink daar kon moontlik een van die vrinde inkom, en daarom het ek wil hê, dat Geertjie die wieg 'n bietjie moet stoot, sodat ek in die tussentyd 'n skoon kragie kon omsit;—maar ek kon maar lui, Geertjie, die ondeunde ding, was ook al weg—natuurlik ook al na die oorkant, na die musiek toe.

'Ek was darem regte bly vir die ou dokter, want ek sê altyd: 'n mens is nie 'n plank nie, en as hy sy bes doen, dan gun jy hom, dat dit eenmaal by 'n goeie geleentheid erken word. En wat van der Horst aangaan, die man het dit dubbel en dwars verdien, dat hulle hom eenkeer eer bewys; maar, die satisfaksie nou opsy, dan sê ek van my kant, dat so'n serenade aan jou eie huis te ontvang vir die huisvrou allesbehalwe aangenaam is. Hulle het dieselfde dag nog by die dokter die voorhuis geskrop, en daar loop hulle nou somar uit en in, en aan 'n mat om die voete af te vee word ook nie gedink nie; nee, dit was maar deur-'n-tyd 'n inlopery uit die nat strate in die voorkamer. En dadelik moes daar ook wyn en koek wees, en een van die diensmeisies was nog siek op die koop toe, en hulle het niemand in haar plek gehad nie. Die kommissie, wat binnegekom het, bly ook nog 'n hele tyd, en die skoongewaste gordyne word maar opsy geskuiwe, en of daar nou verkeerde plooië in gekom het, daaroor het niemand hom bekommer nie—ek sê vir jou dit was 'n ding, wat ek nie graag wou gehad hê nie!


Op slot van rekening het my man my nog geknor want ons sou karringmelkpad eet—ek doen dit eintlik

meer om die kinders dan om onself, want ek en Anton hou nie veel daarvan nie, en dan is dit nog kos waar jy gedurig moet oppas—maar soos jy lig kan begryp, die pap was aangebrand, omdat Geertjie na die serenade geloop het, en ek het natuurlik die skuld gekry, ens.

R. KOOPMAN VAN BOEKEREN.

SNEEUKLOKKIES.

Die Winter en die Lente
 Had eenmaal same twis.
 Vors Winter wil nie heen,
 Die Lente loop en ween
 Op die besneeude velde
 En deur die dikke mis,
 Maar waar haar trane val,
 Daar smelt somar die sneeu;
 En waar die grond ontdooi,
 'n Blommetjie ontplooi,
 'n Enk'le skone blommetjie,
 Op die tapyt van sneeu.
 Vors winter kom al tergend
 Die Lente nagegaan.
 Hy sien die kelkie skitter:
 Die kleure hom verbitter;
 En kwaad vat hy die blommetjie,
 Met yse hande aan.
 Verbleek van skrik daar staan dit
 En hang sy koppie neer.
 Daar kom die Lente teder
 En druk op blaartjie weder
 Haar groene vingertoppe,
 En bring die kleurtje weer.



Van toe af wys die klokkie
Die grens van die seisoen—
Waar Winter moet verdwyn
En Lente mag verskyn—
Deur wit met groen gemengel:
Wie kan dit beter doen?

DIE KIENA.

Julle weet seker almal wat kiena is. 'n Mens neem dit so dikwels as medisyne teen die koors. Die ontdekking van kiena het die mense in 'n awontuurlike verhaal ingeklee, ja, die storie is selfs tot onderwerp van 'n toneelstuk gemaak. Die storie is so:

Die vrou van die onderkoning van Peru, graaf van Cinchon, het so vreeslik aan die koors gely, dat die mense dog sy sou sterwe. Al die huismense was in 'n gedurige angs, dat die mooi vrou, wat oor haar liewe geaardheid op die hande gedra geword het, 'n slagoffer van die dood sou word.

Al die middels, wat die kuns tot sy beskikking gehad het, het hulle aangewend om so 'n dierbare lewe te red. Niks het gehelp nie; die siekte het altyd erger geword, en 'n mens kon sien dat die kragte van die arme siek vrou afneem. Wat sou tog die rede wees, het die mense gevra. Toe kom daar uitkoms. Een nag toe die oppasser langs die bed van die sieke ingesluimer het, gaan die deur soetjies oop. 'n Indiaanse diensmeisie, in die bloei van haar jare, wat soos almal wis, haar juffrou innig liefgehad het, kom saggies in die siekekamer. Die oppasser het darem wakker geword.

Sy het die meisie, wat so saggies binnekom, bemerk; en het gedink, watter plan sou sy nou hê? Om dit uit te vind, maak sy of sy slaap. Die Indiaanse meisie kom dig by die ledikant; sy hou iets in haar hand. Na sy sku rondgekyk het, gooi sy 'n fyn poeiertjie in 'n glas water, wat vir die sieke klaargesit was, en toe gaan sy net so uit as sy ingekom het. O so, dink die verpleegster, nou weet ek wat jou plan is; die rooi slang wat altyd soveel getrouheid en gehegtheid gehuigel het,

wil ons juffrou deur 'n langsaam werkende gif in die graf bring. Die volgende oggend vertel sy aan die onderkoning wat sy in die nag gesien het, en watter presumasie sy het. Die onderkoning het toe die Indiese meisie voor hom laat kom, en het haar op 'n kwaai manier teëgewerp: „Verraderlike skepsel, wil jy my vrou doodmaak? Daaroor sal jy nog spyt hê.” Die diensmeisie het gebeef, op haar knieë geval, en ondertrane uitgeroep: „Nee, meneer, so waar as die groot Gees leef, dit was nie my plan nie; intendeel, wat ek in die glas gegooi het, sal haar gesondmaak.” Die onderkoning kyk verwonderd op en sê: „My vrou gesondmaak; wat is dit dan vir 'n poeier?” „Ag meneer,” het sy gesoebat, „moenie vir my dwing om dit vir u te sê nie; 'n vreeslike eed hou my tong geboei; maar ek sweer, menceer, dat dit my heilige voorneme is, om my juffrou gesond te maak.” Deur verdere ondersoek het die onderkoning probeer om agter die waarheid te kom; maar kom nie verder nie; belofte nog dreiment was in staat om die geheim uit haar te lok. In sy drif het die onderkoning die saak voor die regter gebring. Omdat sy hier ook nie tot 'n belydenis kon beweeg word nie, en net maar weer herhaal wat sy vroeër gesê het, is sy as 'n gifmengster veroordeel geword tot die dood op die brandstapel. Die meisie het gebeef, toe sy hoor van die vreeslike vonnis, maar kort daarop het sy weer bedaard geword. Haar gewete was gerus. sy was nie 'n gifmengster nie, al sien die hele wêreld haar daarvoor aan. Sy het haar eed gehou, en het nie nodig om haar oë neer te slaan vir een van haar stamgenote nie. Die brandstapel word klaargemaak, en die onskuldige slagoffer daarop geplaas. Die laksman het maar net gewag op 'n teken om die hout aan brand te steek. Meteens kom daar 'n beroering onder die skare, en 'n glimlag van hoop gly oor die gesig van die ongelukkige.

'n Ou rooihuid het hom deurgedring en van ver al geskree: „Hou op, en hoor eers vir my!” Die toeskouers

staan verwonderd; hulle kyk almal vir die gejaagde man, wat so gou as hy kon na die onderkoning toe gegaan het. „Meneer,” sê hy, „skenk my dogter die lewe; sy was verplig om die geheim te bewaar, en het dit nie verraa nie. Om haar lewe te red het ek die mag gekry om dit vir u bekend te maak.” Toe vertel hy van die geneeskragtige kruie, waarvan die wonderbare eienskappe al lang by sy stamgenote bekend was; van die vreeslike eed om dit nie aan die gehate Europeane bekend te maak nie, én van sy vrees dat sy dogter sal doorgemaak word. Toe soebat hy dat die medisyne mog ingegee word vir die onderkoningin. En die storie sê, hulle het dit gedoen, die sieke het van die kiena gebruik, en het gesond geword.

ALEKSANDER DIE GROTE IN AFRIKA.

Aleksander het op sy veroweringstogte by 'n volk gekom wat in 'n eensame streek in eenvoudige pantokke 'n vreed same en stil lewe gelei het.

Die mense het hom na die pantok van die kaptein gebring. Die kaptein het hom goue dadels, goue vye, en goue brood voorgesit. „Eet julle hier goud?” vra Aleksander toe. „Nee,” sê die Emir, „maar ek verbeel my dat in jou land tog seker eetbare kos is; hoekom het jy dan na ons toe gekom?” „Julle goud het my nie hierheen gelok nie,” sê Aleksander. „Ek wou graag julle gewoontes leer ken.” „Heeltemal goed,” het die ander geantwoord, „bly dan by ons so lank as jy wil.”

Kort hierop het twee manne voor die geregshof gekom. Die klaer het gesê: „Ek het van die man 'n stuk grond gekoop, en toe ek dit ploeg, het ek 'n skat gevind. Dit is nie myne nie, ek het maar die grond gekoop, en nie die skat nie. En tog wil die verkoper die skat nie neem nie.” Die aangeklaagde het geantwoord: „Ek het die grond


aan die man verkoop met alles wat daarin verborge mag wees, en daarom ook die skat."

Die regter het hulle woorde herhaal, om van die manne te verneem of hy hulle goed verstaan het, en na hy oor die saak nagedink het, sê hy: „Jy het 'n seun, vrind, nie waar nie?" „Ja." „En jy 'n dogter?" „Ja." „En julle kinders het mekaar lief?" „O ja."

„Nou ja, die kinders sal met mekaar trou, en die jonggetroudes sal dit as 'n bruidskat kry." Aleksander was verbaas. Die Emir het dit gemerk en sê: „Lyk my uitspraak vir jou onregverdig?" „Nee," het Aleksander geantwoord, „maar dit lyk vir my snaaks."

„Hoe sal hulle dan die saak in jou land beslis," vra die Emir. „Om die waarheid te sê, ons sou die twee manne huistoe gestuur, en die skat vir die koning in beslag geneem het."

„Vir die koning?" vra die opperhoof met die grootste verwondering. „Skyn die son in julle land?" „O ja." „Reën dit daar ook?" „Seker." „Wonderbaar! Is daar ook mak en plantetende diere?" „Van alle soorte." „Nou," het die Emir gesê, „dan het die goeie God om die wil van die onskuldige diere in julle land reën en warmte gegee; die mense verdien dit nie."



BESOEK AAN 'N STEENKOOLMYN.

'n Besoek aan 'n steenkoolmyn is altyd baie leersaam. 'n Mens kom natuurlik deur die put in die myn. Terwyl jy ondertoe gaan, sit of staan jy op die rand van 'n groot kis, wat aan 'n kabel hang. Soos die kis begin sak, gevoel 'n mens iets wat jy nie beter kan vergelyk as met die gevoel wat sommige mense kry as hulle swaai nie: 'n soort van seesiekte. Die kis stoot somtyds aan die rand; die ruimte is maar nou, en lyk nog kleiner as hy werklik is omdat dit daar so donker is. Skaars kan 'n mens iets sien by die dowwe lig van die lamp. Uit die rotssteen drup die water, en daar val 'n fyn reën. As jy so ondertoe gaan, kom die gedagte by jou op, as daar 'n klip van bo af sou val, sal 'n mens seker gedood word, of die tou kan breek, en die kis kan stukkend stamp. As jy verder ondertoe kom, dink jy dat daar 'n goeie kans is, dat van onder af 'n ander kis met steenkool kan opgetrek word, en 'n mens ys as jy dink aan die skok, wát

daar sou ontstaan as die twee met mekaar in aanraking kom. Eindelik is jy onder, en gaan uit die kis uit, en haal weer ruimer asem. Somtyds kom nuuskierige mense by so 'n myn met die plan om daar in te gaan; maar as hulle sien hoe jy ondertoe moet gaan, besluit hulle dadelik om dit maar liewers nie te probeer nie. Daar is ander mense, wat op die bodem van die kis gaan sit, en so stil bly sit solank die afdaling duur. Dit kom voor dat 'n mens, as sulke besoekers onder kom, die kis letterlik moet omdraai om hulle daaruit te laat rol, en op die manier kom hulle dan weer by hulle self. Maar die mynwerkers gaan gereeld aldae op die manier bo- en ondertoe sonder dat hulle ooit aan gevaar dink, en hulle praat en lag nog al die tyd; so sterk is die mag van die gewoonte.

So kom jy dan onder op die bodem van die put. Dis 'n mooi skouspel wat ons nou sien. Jy hoor die slaan van hamers of yster kyle, die geraas wat deur die koevoete in die stukke van steenkool wat losbreek, gemaak word; jy ruik ook die kruitdamp, waarvan die gange vol is, as die mense die steenkole laat spring. Die geraas van waens en perdegetrappel dring in jou ore; vorgelaaide mandjies word aan die toue gehaak en die leë mandjies losgemaak, en die geskreu van die manne, wat die vate aanhaak, word beantwoord deur die wat klaarstaan om die vrag te ontvang, as dit bo aankom. Die lampe gee maar op enkele punte lig, die gesigte van die werksmense, die buitekant van die waens, die steenkole, wat hier en daar skitter, maar anders is alles donker, swart as die nag.

Die gange sny mekaar in alle rigtings net soos die strate en lanings van 'n stad. Daar is pleine en kruis paaie onder die grond. Iedere gang het 'n naam en 'n bepaalde doel, maar naambordjies is daar nie, en 'n mens kan daarin verdwaal, as jy nie daaraan gewend is nie. Sommige lang, breë, goed-geventileerde gange is so te sê die hoofstrate, en die noue, lae, bedompige gange wat

sleg in orde gebou word, kan 'n mens vergelyk by die lanings in die agterbuurte van 'n stad. Die onderaardse stad is nag en dag bewoon, en hy word maar verlig deur walmende lampe. Daar is spoorweë, waarop perde en lokomotiewe loop, kanale, en slote en damme. Daar is selfs seker skimmelpiante en insekte, wat aan die myn eienaardig is, en wat nêrens anders op die aarde voorkom nie. In een woord, dis 'n swart stad. Sy inwoners verander twee- of driemaal in vier-en-twintig uur: soos mense vertel is daar nie mynwerkers, wat hulle lewe daarin deurbring nie. Net die perde, wat eenmaal daarin inkom, kom nooit lewendig weer daaruit nie.

TWEE EDELE SPARTANE.


Die Persiese koning Darius het deur boodskappers al die Griekse state laat aansê om vir hom aarde en water te stuur as 'n teken dat hulle vir hom as heer oor hulle land erken.

Die boodskappers het hulle in Atene en Sparta nie alleen afgewys nie, maar selfs gedood. Die mense het hulle in Atene in 'n afgrond gegooi, waarin gemene misdadigers gegooi word, en in Sparta in 'n put, sodat hulle daar self aarde en water kon gaan haal. By die offerplegtigheid het dit egter, volgens die priesters, oortuigend geblyk, dat die gode oor die moord van die gesante baie ontevrede was. Om nou die toorn van die gode te laat bedaar, het die Spartaanse senaat vir die volk laat vra of sommige van die burgers gereed sou wees om as offers vir die gesante te sterf. Twee edele Spartane, Spertias en Brutus, het hulle daarvoor aangebied. Hulle het vrou en kinders verlaat en is na Persië gegaan, na Xerxes, die seun en opvolger van Darius, om deur hulle

vrywillige dood die toorn van die gode van die dierbare geboorteplaas af te wend.

Toe hulle in Klein-Asië aankom, was hulle die gaste van 'n vername Persiese voorman. Die man het sterk by hulle daarop aangedring om om te draai en hulle medeburgers tot onderwerping aan die Perse oor te haal. Maar hulle het hom geantwoord: „Jy praat van 'n saak wat vir julle heeltemal onbekend is. Wat slawerny is, weet julle, maar die vryheid ken julle nie. As julle ook maar 'n flou denkbeeld daarvan gehad het, sou julle ons raai, liewers goed en bloed daarvoor oor te hê.” Toe die twee Spartane in die hoofstad Susa voor die Persiese Koning gelei word, wou die mense hulle dwing dat hulle volgens Persiese gebruik hulle voor hom op die aarde moes neerwerp. Hulle het dit nie gedoen nie, en het gesê dat dit by hulle geen gebruik was, en dat hulle onder geen voorwaarde 'n mens op so 'n manier sou begroet nie. „Koning,” sê hulle hierop, „die Spartane het enige jare gelede die gesante van Darius gedood; hulle is aan Persië daarvoor voldoening verskuldig. Hier is ons hoofde.” Xerxes was verbaas oor sulke selfopoffering en vaderlandsliefde; maar die Spartane was nie minder verbaas oor die antwoord, wat Xerxes vir hulle gee nie. „Loop,” sê hy, „en sê in Sparta, al het hulle hulle skuldig gemaak aan die laagste misdad, naamlik die doodmaak van gesante, wil ek nie ook so laag handel deur julle dood te maak nie.”

Met die antwoord het hulle huistoe gegaan, en dit met die oortuiging in hulle, dat hulle hulle plig gedaan en die toorn van die gode gestil het.




DIE MUSKIET.

Die muskiet is ongelukkig 'n insek wat te goed bekend is in ons land. Ons het seker byna almal al kennis-gemaak met 'n steek van hom. Ons weet hoe ons hande en gesigte partykeer daarvan opswel; maar seker nie almal van ons weet dat 'n muskiet die oorsaak van malaria is nie. Lank was die geloof dat hierdie koors deur bedompige lug veroorsaak word, maar dit is bewys dat dit 'n verkeerde gedagte is.

Net soos ander insekte het die muskiet ook vier verskillende gedaantes. Die wyfie lê elke keer driehonderd eiers langs die kante van digbegroeide, moerassige strome en poele, waar hulle deur die son uitgebroei word. Eers is hulle dan klein rondwoelende goedjies wat in die water bly. Hierdie goedjies het 'n klein buisie in hul stert waardeur hulle asemhaal as hulle na die oppervlakte van die water toe kom. Nadat hulle 'n week in die water gebly het, verander hulle in papies, wat maar nog in die water bly en asemhaal deur twee buisies in hul keel. Die papie moet ook opkom om asem te haal. In die tyd van 'n paar dae kraak sy vel en 'n volgroeide muskiet kom uit en vlie weg om sy prooi te soek.

Daar is baie soorte muskiete en die meeste van hulle is skadelik, maar die gevaarlikste van hulle is die wyfie van die „Anopheline” muskiet. Sy suig net bloed uit mense en diere. Om dit reg te kry, het sy ’n instrument waarmee sy ’n gaatjie in ons vleis kan boor. In daardie gaatjie spuit sy met haar bekkie ’n soort vloeistof om die bloed so dun te maak dat sy dit kan opsuig. Gedurende die dag rus daardie soort muskiet, maar in die nag soek hy kos. As so ’n muskiet nou ’n persoon byt, wat aan malaria ly, het sy van sy bloed in haar en kan




Die papies in water.

sy dit weer op ’n ander persoon inent. Iemand wat malaria het, het ’n groot klomp baie klein goggatjies in sy bloed, en dit is hierdie goggatjies wat die koors veroorsaak.

Hierdie goggatjies kom natuurlik ook in die liggaam van die muskiet as hy ’n sieke byt. Hier kan hulle ook lewe en word so oorgedra op die volgende persoon wat die muskiet byt. Is die persoon swak, sal hy of sy spoedig ’n aanval van malaria kry. Selfs die sterkste mense sal koorsig word as hulle baie gebyt word. Op ’n plek buitekant Rome heers die malaria baie. Die siekte word daar Romeinse koors genoem. ’n Paar dokters het daar gaan woon om die siekte te bestudeer en hoewel hulle tussen die huise en die siek mense rondgegaan het, dieselfde voedsel geëet en dieselfde lug ingeasem het, het hulle tog nie siek geword nie.

Hoe het die dokters dan so lekker vrygespring? Hulle het in muskiet-proef huise geslaap. Die „anopheline“ muskiet byt in die nag, en omdat hulle hierdie dokters nooit gebyt het nie, het hulle ook nie koorssiekte gekry nie. 'n Paar van die muskiete wat op 'n koorssiekte pasjient gelewe het, het hulle na Londen toe gestuur en daar 'n man laat byt. In Londen is geen malaria nie en tog het die man daardie koors gekry. Dit bewys dat dit die insek is wat die siekte van die een persoon na die ander toe oordra.



Gaas van ysterdraad wat oor deure en rame getrek word en die muskiete buite hou.

As ons al die malaria lyers kōn gesondmaak dan sou die muskiete nie in staat wees om die siekte verder te versprei nie. As ons elke muskiet kon doodmaak, sou daar nie koors wees nie. Dit is natuurlik beter om die koors af te keer as om dit eers te kry en dan te wil genees. Daar is baie maniere om die verspreiding daarvan te keer.

Die beste manier is om al jou vensters, deure en verandas met fyn ogiesdraad toe te maak. Dit kan natuurlik nie by elke huis gedoen word nie en daarom is die tweede beste om onder 'n muskietnet te slaap, en dit goed onder die matras in te vou sodat daar nie een muskiet kan inkom nie.

Onthou, die wyfie „anopheline” byt in die nag. Gedurende die dag slaap hulle in die donker hoekies. Maak hulle dood. Die gemaklikste tyd om die muskiete uit te roei is solank as hulle nog papies is. Omdat hulle dan net deur die buisies kan asemhaal, sou dit gemaklik wees om hulle dood te maak as ons net iets kon uitvind om die lug van die buisies af te keer. Dit kan gedaan word



deur parafien op die water te gooi waar ons verwag dat hulle sal asemhaal. Net 'n bietjie is nodig — net sodat dit 'n dun vliesie op die water maak.


Die papie kom dan na bo toe om asem te skep, en hy kan nie. Hy probeer weer en nog weer, maar kry niks lug nie, en gaan dan dood.

Die kante van damme en slote moet skoon gehou word van onkruid, sodat daar geen broeiplekke vir hulle oorbly nie. en dat water ongehindert kan stroom. As daar

moerasse of modderpoele is, moet hulle opgevul word. Die tenk moet ook bo-op met fyn ogiesdraad toegemaak word, sodat die muskiete nie hulle eiers daarin kan lê nie.



Dit is die beste manier om die verspreiding van malaria te keer. Om die siekte te genees gebruik hulle kinine. Dit keer nie die muskiete nie, maar dit help om die klein parasietjies wat die muskiet in die bloed bring dood te maak. Koop altyd gaas van 16 of 18 gaatjies op 'n duim. As dit groter is, sal die muskiet deurkruip.



Vergadersaal van die Senaat in die ou Rome.

DOOD VAN JULIUS CESAR.

Die maand Julie het sy naam gekry van Julius Cesar, 'n beroemde Romein. Die man het dit reggekry om vir hom tot alleenheerser van die Romeinse ryk te verhef; die volk het hy aan hom verbind deur sy dapperheid en wysheid, en vernaamlik deur die groot feeste en presente wat hy aan die burgers gegee het. Maar daar was tog party gewees, wat hom gehaat het, omdat hy aan die republiek die doodsteek gegee het. Onder die was 'n sekere Cassius, 'n maer bleek man, wat baie gepeins en maar min geslaap het; ook Brutus, 'n dapper generaal en 'n uitstekende burger, wat dit nie kon verdra, dat die vryheid van die republiek deur een man moes vernietig word nie. Die twee manne het vir hulle aan die hoof van sommige saamsweerders gestel, wat van voorneme was om die alleenheerser van kant te maak. Hulle het besluit om die gruweldaad op die vyftiende van Maart in die jaar 44 v.C. uit te voer. Die saamsweerders kon nie hulle voorneme geheim hou nie; iets daarvan het uitgelek. Verskeie persone het Cesar gewaarsku, maar hy het gesê: „Beter sterf as altyd bang wees!” Iemand met die naam van Spurrinna het hom dit selfs voorspel, dat die middel van Maart vir hom noodlottig sal wees. Die nag voor die moord droom sy vrou dat hy vermoor word, en met tranen in die oë soebat sy haar man om die oggend van die vyftiende tog nie uit te gaan nie. Hy was ook werklik van voorneme om die vergadering van die Senaat deur sy vriend Antonius te laat afsê, toe die neef van Brutus na hom toe kom en hom oorhaal om die sitting van die Senaat by te woon. Op pad het Spurrinna hom teëgekomm. Cesar sê toe vir hom: „Spurrinna, die middel van Maart is daar?” „Maar nog nie verby nie,” het hy geantwoord.


Toe Cesar in die vergadersaal kom, het hy op sy sitplaas gaan sit; sy vriend Antonius was deur een van die saamsweerders in 'n lang gesprek verwickel. 'n Ander deelgenoot van die komplot het na Cesar toe gekom en het hom om genade vir sy verbanne broer gesoebat. Cesar het vroeër die versoek afgeslaan, en het nou ook volgehou in sy weïering. Toe word hy deur die eedgenote omring; en na hulle hom die toga van die skouer afgeruk het, het Casca, vroeër 'n vriend van Cesar, hom die eerste dolksteek gegee. „Gemene vent, wat doen jy,” het Cesar uitgeroep, en het sy yster skryfstif in die arm van die moordenaar gestoot. Skaars het hy dit gesê, toe die moordenaars hom aanval, en hom op verskillende plekke wond. Nou sien hy dat hy verlore is. Toe hy Brutus sien, roep hy uit: „En jy ook, Brutus!” Toe het hy hom in sy toga gewikkel, en hom nie meer verdedig nie. Na hy drie en twintig dolksteke gekry het, sak hy sterwend inmekaar aan die voet van die standbeeld van Pompejus.

Hierdie gruweldaad het niks uitgewerk nie. Die regeeringsvorm van die Romeinse ryk het maar verander volgens Cesar se plan. Blykbaar was die tyd ryp daarvoor. 'n Lang ry van keisers (Cesars) het Julius opgevolg. Nie alleen was hulle regering eenhoofdig, maar hulle het soevereine mag besit, en die meeste van hulle kan met die naam van geweldhebbers bestempel word, wat die onderdane van die ryk baie laat ly het.



ANDREAS HOFER.

In die ongelukkige oorlog, wat Oostenryk in die jaar 1805 met Frankryk gevoer het, was Tirol deur die Franse verower, en naderhand aan Beiere afgegee as beloning vir die hulp, wat daardie land aan die erfvyand van Duitsland verleen het. Die Tirolers was met troue liefde aan die ou stamhuis van Oostenryk geheg. Daarom het hulle in opstand gekom, en het probeer om hulle self van die vreemde heerskappy te verlos. Een van die voormanne van die opstand was 'n losieshuishouer uit die Passeierdal, Andreas Hofer. Hy was 'n eenvoudige vrome man uit die volk, stewig gebou, deftig van voorkome en met 'n lang swart baard. Napoleon het 'n sterk leërmag na Tirol gestuur, maar die Tirolers was onvervaard. Omdat hulle met die land bekend was, kon hulle die vyand met goed geluk aanval of hulle self in gate en spelonke verberg, wanneer hulle vervolgt word. En tog die voorspoed het nie gehelp nie. Keiser Frans is deur Napoleon verslaan, en moes by die vrede van Schönbrunn sy troue Tirol aan Beiere afstaan, en hy het self aan die Tirolers moes bevelgee om die wapens neer te lê. Toe het Hofer aan sy vriend Speckbacher geskrywe: „Nou is al ons hoop verloor, Oostenryk het ons verlaat.” Maar daar sou nog slegter tye kom. Die mense het aan Hofer allerhande berigte vertel van oorwinninge van Oostenryk oor die Franse, en daardeur het hy hom laat oorhaal om opnuut sy landgenote tot die stryd op te roep. Weer het die Tirolers geluk gehad, maar die Oostenrykers was weer ongelukkig, en by die vrede van Wene was die Tirolers nog eenkeer aan die genade van die Franse oorgelewer. Hofer was toe voëlvryver klaar deur die Franse, en hulle het 'n hoë prys op sy



Geveg in 'n Tirolse kloof.

hoof gesit. Hy het na die berge gevlug, en hom met vrou en kinders in 'n eensame pantokkie verberg. Toe hy merk dat hulle hom op die spoor was, wou hy wegvlug, maar omdat die berge vol kapok was, kon hy dit nie doen nie. Eindelik het 'n boer sy skuilplek aan die Franse verraaï. In die nag van die dertigste van Januarie 1810 het hy die vyande by die pantok gebring. Driemaal het hulle geklop en toe het Hofer na buite toe gekom. Toe hy bemerk wat hulle met hom wou doen, het hy moed gevat en gesê: „Ek is die man, wat julle soek. Verskoon my vrou en kinders.” Hulle het hom toe gegryp, en die ruwe soldate het hom so woës behandel, dat sy troue Tirolers trane in die oë gekry het, toe hulle hom sien verbylei. Sy vyande het hom na Mantua geneem, waar hulle hom voor die krygsraad gebring het. Die krygsraad het hom vrygespreek, maar uit Milaan het daar 'n bevel gekom om Andreas Hofer binne vier-entwintig uur dood te skiet. Hy is toe na die geregsplaas gelei. Daar het hulle hom 'n doek gegee om dit voor sy oë te bind en hom gebied om te kniel. Hofer het gewéier om een van die dinge te doen. „Ek staan hier,” het hy gesê, „voor Hom wat my geskape het, en staande wil ek sterf.” Toe het hy die bevelvoerende korporaal versoek om goed te laat skiet, en het met vaste stem gekommandeer, „Vuur.” Maar die soldate het sleg getref. Na die eerste ses skote sink die held op sy knieë en op sy hand; na die tweede ses was hy nog nie dood nie; toe het die korporaal deur die dertiende skoot 'n einde aan sy marteling gemaak. So het die edele held gesterf en die Tirolers is met reg trots op hom.

DIE NEGER-REPUBLIEK LIBERIË.

Liberië lê in Afrika. Waar?

Vyf-en-twintig jaar voordat Bartholomeus Diaz die Kaap de Goede Hoop ontdek het, het 'n sekere Pedro de Sintra, ook een van Prins Hendrik die seevaarder se manne, die kusstreek, wat tans Liberië genoem word, gekry. Die Portugese het dit Malaqueta genoem.

Hier het De Sintra baie peper gekry en dit was die ding wat hulle in Europa so agter in was. Hulle was so erg daaroor dat hulle dit die „Koring van die Paradys” genoem het. Die kus daarlangs word dan ook die graankus genoem.

So baie geld het hulle van die peper, ivoor en slawe gemaak, dat hulle vir 'n tydjie laat staan het om die seeweg na Indië toe te soek.

Baie van die slawe uit Afrika is na Amerika toe gestuur en in 1816 was daar ongeveer tweemiljoen neger-slawe in die Verenigde State. 'n Klompie van die Amerikaanse filantropie het gemeen dat dit nie alleen genoeg was om die slawe hulle vryheid terug te gee nie, maar hulle moes ook die land van hul vaders terugkry. So het hulle daar toe 'n vereniging gestig met die doel om die vrygemaakte negers weer in Afrika te laat woon.

Hulle koop toe die plek wat vandag die naam dra van Liberië van die kafferkapteins daar in die omtrek. In die koopsom was ingesluit vier sambrele, drie verkykers, 'n kan rum, twaalf glaaskraffies en twaalf wynkelkies. Snaaks, nê? Dit was ongeveer in 1816 en dus baie jare nadat die Kaap geruil was.

Die hoofstad van Liberië het hulle Monrowië genoem, na die toenmalige President Monroe van die Verenigde State.

Van tyd tot tyd is daar toe van die vrygemaakte slawe daarheen gestuur en meer grond aangekoop. Daar was nou verskillende verenigings in Amerika wat meegehelp het. Tog het dit maar stadig aangegaan met die vooruitgang van Liberië, omdat daar óf te min fondse beskikbaar was, óf dat die vry slawe nie lus gehad het om weer na Afrika toe terug te gaan nie.

Soos dit maar altyd gaan, het die eerstes dit baie swaar gehad in die nuwe land. Die koors het baie van hulle grafted gesleep en hulle het baie gevegte gehad met die omringende kafferstamme. Tot 1846 het die Amerikaanse genootskappe maar eintlik die staatjie geregeer. Van toe af was dit 'n onafhanklike negerrepubliek. Met uitsondering van Abissinië is dit die enigste onafhanklike Staat in Afrika, en die enigste plek in die wêreld waar die swartman 'n kans het om te wys of hy kan regeer op moderne konstitusionele manier.

Die witman het in daardie kafferrepubliek nie 'n kans nie. 'n Artiekel in hul konstitusie bepaal dat „niemand dan gekleurde persone toegelaat sal word as burgers van die republiek nie.” 'n Ander bepaling is weer dat niemand daar 'n grondbesitter kan wees, tensy hy 'n burger is nie, en net die burgers het stemreg. Die witman word net toegelaat om langs die kus handel te drywe, hy mag dus nie verder die land ingaan nie. Ons hoor baie in Suid-Afrika van die „kleurlyn,” maar in hierdie kafferrepubliek het hulle dit self skerp getrek, sodat die witman hier nie eers grond mag besit nie.

Monrowië gee 'n mens maar 'n slegte opienie oor die beheer van die swartman. Dit het omtrent 6000 inwoners, waaronder ongeveer 80 witmense, meesal die famielies van die konsuls van die verskillende lande, bankklerke, winkeliers, ens.

Die ou straatjies van die dorp is baie klein en vol klippe en bosse. Karre en waens sien jy daar glad nie. 'n Perd leef daar nie. Langs die kante van die strate is darem voetpaadjies wat die mense oopgetrap het.

Hulle het natuurlik hul eie president en sy ministers, almal volbloed negers. Die motto van die republiek is: „Die liefde vir vryheid het ons hier gebring.”

Daar is omtrent 12,000 afstammelinge van die ou vrygemaakte slawe en 40,000 beskaafde kaffers uit 'n bevolking van ongeveer 2,000,000. Daar is nog maar baie min gedoen om die hulpbronne van die land, wat meer as twintig of dertig myl van die kus af lê, te ontwikkel. Daar is nog verskillende wilde kafferstamme onder hul eie konings of kapteins, en hulle steur hulle maar weinig aan die goewerment van Liberië. Dit word vertel dat 'n ywerige belastinggaarder, wat die hutbelasting by een van die wilde stamme, wat nog baie van mensvleis gehou het, wou invorder, gou-gou in die pot was.

Die beskaafde kaffer is nie 'n landbouer nie, hy hou meer daarvan om handel te drywe. In die hele Liberië is nie een ploeg te kry nie. Hulle val maar weer weg met die kafferpik.

Die welaf negers in Liberië stuur hul seuns na die Amerikaanse uniwersiteite toe en byna almal leer vir prokureurs en advokate.

Die republiek is ook nie te ryk nie. Die salaris van die president is £700, en die van sy ministers van £140 tot £200 per jaar. Die geldstukke in gebruik is dollars en sente. Die land is finansieel maar slegaf. Sy totale skuld is £400,000 en dit aan verskillende moonthede soos Amerika, Engeland en nog 'n paar ander.

DIE EDELMOEDIGE FRANSMAN.

In 1792 het die Pruiſe onder die hertog van Brunſwick-Wolfenbittel Frankryk binnegedring om in die land die vroeëre orde van dinge te herſtel.

Onder die ſoldate was daar meer as een, wat vergeet het dat 'n mens in 'n vreemde land nie iets moet doen waaroor jy in jou eie land beskaam sou wees nie. 'n Pruiſiese huſaar ten minſte het dit vergeet. Toe die leër deur die provinsie van Champagne getrek het, het hy in die huis van 'n vreedſame burger ingekom, en hom nie alleen al ſy kontant geld en al die geldſwaarde, wat hy gehad het, ontnem nie, maar ſelfs 'n bed met splinter-nuwe beddegoed ſaamgeneem. En net asof dit nog nie genoeg was nie, het hy die man en die vrou ſonder medelyde geſlaan. 'n Seuntjie van nege jaar het hom gebid om aan ſy ouers tog die bed terug te gee. Die huſaar het hom ru van hom af weggeſtoot. Die dogter van die huis loop agter hom aan, hou hom vas aan ſy kort mantel, en ſoebat hom om barmhartig te wees. Maar die woesteling het hom nie laat keer nie; woes het hy die meisie van hom afgeſlinger, sodat ſy in 'n put geland en verdrink het.

Na jaar en dag is hy uit die diens ontslaan, en het toe in die ſtadje Neisse in Sileſië gaan woon. Hy het nie meer gedink wat hy gedoen het nie, en het gemeen dat die gras al lankal daaroor gegroei het. Maar wat gebeur in 1806? Die Franſe het Neisse binnegeruk, en 'n jong ſersant word ingekwartier by 'n brawe vrou, 'n bejaarde weduwee, wat hom gasvry ontvang en behandel het. Die ſersant was ook 'n brawe jong man; hy het hom heeltemal fatſoenlik gedra, en dit het gelyk of hy niks kwaads in ſy ſin gehad het nie. Een oggend kom hy nie vir brekfis

nie. Altemit slaap hy nog, dink die goeie vrou, ek sal sy koffie maar warm hou. Sy het gewag en gewag, maar wie vir hom laat sien,—die sersant nie. Die vrou word onrustig. Sy het toe in die kamertjie gaan kyk of hy dalk siek was, en daar vind sy die jong man regop in sy bed sit; hy vryf sy hande en sug, of 'n groot ongeluk oor hom gekom het. Suutjies gaan die vrou na hom toe en vra hom op medelydende toon: „Wat makeer, heer sersant, waarom is jy so treurig?”

Ontsteld en met tranen in die oë het hy haar aangekyk en gesê, dat die lakens, waarop hy die nag geslaap het, jare gelede aan sy ouers in Champagne behoort het, dat hulle toe uitgeplunder en daardeur arm geword het, en dat die gedagte daaraan hom nou so droewig maak. Aan die letters waarmee sy moeder die lakens gemerk het, het hy dit herken. Die goeie vrou het geskrik en gesê dat sy die lakens van 'n husaar gekoop het, wat nog in Neisse woonagtig was. Die Fransman het opgestaan en vir hom die huis laat wys van die husaar, en het hom dadelik herken.

„Dink jy nog daaraan,” sê die sersant, „dat jy vir veertien jaar gelede 'n onskuldige man in Champagne van hawe en goed beroof en selfs sy bed van hom weggeneem het? Herinner jy jou nog, hoe jy toe jou ore gesluit het vir die smeek van 'n klein seuntjie en sy suster?” Eers het die ou sondaar hom verontskuldig en gesê, dat dit nou eenmaal so gebruikelik was in die oorlog: wat die een laat lê, word tog deur 'n ander weggeneem. Toe hy ewenwel bemerk dat die sersant die seun was van die mishandelde man, en hy vir hom daaraan herinner hoe hy sy suster behandel het, het sy moed in sy skoene gesink, en sy tong was onbekwaam om te praat. Hy het voor die Fransman op die knieë geval én om genade gesoebat. Meer as een sou wraakgeneem het, nou hy so 'n skoon geleentheid gehad het. Die sersant het dit nie gedoen nie. Hy het sy hand teruggetrek waarmee hy sy sabel al gevat het, en op ernstige toon gesê: „Dat jy

my beledig het, vergeef ek jou; dat jy my ouers geslaan het en tot arm mense gemaak het, sal hulle jou vergewe; dat jy my suster in 'n put gegooi het, en deur die daad die oorsaak van haar dood geword het, mog God jou dit vergewe." Met hierdie woorde het hy van hom weggegaan sonder aan die husaar die geringste leed te doen. Die man het van die tyd af geen oomblik rus meer gehad nie. Die gedagte aan sy slegte daad het hom dag en nag vervolg, en hom algou daarna in die graf laat daal.

ATALANTA.

Die koning van die eiland Scyrus, nie ver van die Griekse kus nie, het 'n beeldskoon dogtertjie gehad, met pikswart hare, helder rooi wange en hemelsblou oë. Sy was ewenwel nog meer beroemd om haar verbasende vlugheid as om haar skoonheid; nie een van die jongetjies of meisies in haar vader se ryk het haar ooit kon wen in hardloop of verspring nie.

Toe sy ouer word wou haar vader dat sy 'n man sou kies om mee te trou. Die mooi Atalanta het daar egter volstrek geen lus in gehad nie. Sy wou liewers rondhüppel, en dartel, en blomme pluk in die sonnige velde, of soldaatjie speel met haar speelgenote, as om die heel dag in 'n marmerhuis te sit en spin en klere weef vir haar man.

Haar vader durf sy egter nie openlik ongehoorsaam wees nie; daarom het sy 'n middel uitgedink om van die trou los te kom. Sy sê toe dat sy met niemand anders wil trou nie as met hom, wat haar in 'n wedloop sou inhaal.

'n Hele klomp vinnige vryers het hulle aangebied om met die skone koningsdogter te hardloop. Die wedstryd het begin, maar Atalanta was al aan die end van die

baan, voor haar medeloper aangekom het, ja, sy het som tyds nes 'n hondjie om haar teenstander rondgespring, en dan weer soos 'n pyl uit 'n boog voorwaarts gehol na die eindpaal toe. So het sy verskeie male gewen. Dit het haar oormoedig gemaak.

Die laaste van die vryers, Hippomines, wat so gou as 'n resiesperd kon loop, was bang dat daar vir hom min kans was om te wen. En hy wou tog so graag met Atalanta getrou het, want hy het haar al lankal geken, en haar baie liefgehad. Hy het sy vrindin, die godin van die skoonheid, om raad gevra, en Venus het hom toegefluister, dat hy van afstand tot afstand stukkie blinkende goud op die renbaan moes strooi, voordat hy die wedloop met die vlugge meisie gaan waag.

Die raad van Venus het hy opgevolg. Dit was sy beurt, en Atalanta het haar laat verlei om al onder die hardloop te buk om 'n stukkie goud op te tel, wat sy op die pad langs haar gesien blink het. Ofskoon sy geweet het, dat sy die keer met 'n nie te veragte teenstander te doen het nie, het sy somtyds nog 'n entjie teruggeloop om 'n blinkende stukkie op te tel, wat sy al verbyge-loop het. Op die manier het sy nie genoeg op haar medeloper gelet nie, en toe sy meen om met 'n vinnige spring die eindpaal as oorwinnares te bereik, het die triomfkreet van die gelukkige Hippomines en die gejuig van die toeskouers in haar ore geklink. Atalanta, die vleuelvoetige, was oorwen.

Maar in plaas van haar belofte te hou, het sy geweier, en voor iemand haar kon teëhou, het sy weggehardloop, die veld in. Hulle het agter haar aangeloopt, maar juis toe die mense sien dat sy moeg word en gedink het om haar in te haal by 'n bossie hoë brandnetels, het sy voor die oë van haar vervolgers verdwyn. Hulle het gedink dat die weerspannige meisie haar in die hoë gras in die netels weggesteek het. Hulle het haar 'n heel dag gesoek en die volgende dag ook, maar Atalanta was weg en het weggebly. Dit was ook nie

te verwonder nie. Om haar te straf vir die droefheid wat sy Hippomines aangedaan het, het sy vrindin, die godin van die skoonheid, die mooi vlug Atalanta in 'n lelike, lui, zwartgroen ruspe verander. Om te maak dat niemand haar sou wil aanraak nie, het die godin skerp doringe op haar hele liggaam gesit, en het vir haar die brandnetels, wat gewoonlik deur mense en diere vermy word, tot 'n woning en tot voedsel aangewys. In plaas van te spin en klere te weef vir haar man, en te woon in 'n wit marmerhuis, moes sy nou vir haar ophou in 'n doringagtige, grysgroen blaar, wat sy tot 'n kokertjie dig gewef het met drade, wat sy self eers moes spin, en waarin sy uit skaamte die heel dag geskuil het.

Al haar soebat het maar min gehelp. Die enigste genade wat sy kon verwerf, was dat sy aan die einde van haar verborge lewe nog enige dae die son sou sien. Dan kry sy weer gevleuelde voete, dan vlieg sy weer net soos vroeër, maar nou as die koningin van die skoelappers dartelend en spelend oor die blomryke velde; dan skyn weer haar swart sy hare, dan glinster weer die rooi van haar wange in die sonlig, en blink weer die sagblou van haar oë.

Haar bruidegom was wanhopig van smart. Nog lank daarna het hy gedink, dat Atlanta tog wegskuil tussen die gras en blomme, en troosteloos het hy rondgedwaal, en elke oomblik het die lug weergalm van sy droewige geroep na sy geliefde: „Atalanta!” En kyk: eenkeer, toe hy maandelank na wat voorgeval het weer herhaaldelik sy weeklag laat hoor het, kom gedurig 'n skone skoelapper op sy mond sit, of dit vir hom wil soen, en dan het dit al ronddraaiende weggevlug. Hy het aan die godin van die skoonheid en die liefde gevra wat dit beteken, en Venus het hom vertel watter straf sy aan Atalanta opgelê het. Hy was te danig bedroef, en uiteindelik het hy die godin gesmeek om vir hom ook in net so'n vlotte skoelapper te verander.

Sy het dit gedoen, en van toe af kon 'n mens altwee sien, die een so vlug en so skoon as die ander, wat dartel en stoei oor die blomme, en mekaar al vlieënde inhaal. Dan het hulle hulle 'somyds hoog in die lug verhef in die verblindende sonligstof, so hoog, dat 'n mens hulle nie meer met die oë kon volg nie.

Nog altyd lewe die nakomelinge van Atalanta, en almal dra haar naam. Orals, selfs in die strate van die stede en dorpe, kry 'n mens die skone skoenlappers, as die son maar net vriendelik skyn, tot in die late herfs toe; maar ons land is so ver van hulle geboorteplaas verwyder, dat die mense hulle geskiedenis nie ken nie, en so gee die mense aan hulle allerhande name, soos Admiraal, Skoenlapper, Nummervlinder, Somerkapel en nog meer.

Op die brandnetels vind 'n mens die ruspes wat vir hulle ingespin het. As die tyd van hulle verandering, hulle metamorfose, kom, word hulle 'n bruingeel papie, met 'n mensgesig, waarop nog die stukkies goud te sien is, wat die skone meisie in die ongeluk gestort het.

Na 'n paar weke styg die mooi skoenlapper uit die brandnetels op, en onder op sy vleuels staan nog met duidelike syfers die jaargetal 1881 vermeld, die jaar van sy eerste metamorfose. Van watter jaartelling dit is, weet egter niemand.

E. HEIMANN en J. P. THIJSSSE.—*Van Vlinders, Bloemen en Vogels.*

DIE SUIDPOOL.

Die woord „pool” beteken die punt van die as van 'n bol. As mens 'n stokkie deur 'n lemoen steek sodat hy aan weerskante uitkom, maak dit onder en bo 'n pool. Onse aarde het maar net so 'n vorm as 'n lemoen, alleen die punte is 'n bietjie platter en meer ingedruk. Nou het hulle daar 'n denkbeeldige as deur getrek en dit maak die noord- en die suidpool.

Die lugstreek om daardie twee pole is baie anders as die, wat ons aan gewend is. Dis daar verskriklik koud. Daar waai yslike stormwinde. Die kapok ja daar so dik rond, dat 'n mens daarin nie kan vooruitkom nê. Dis streke, waar mense glad nie kan woon nie. Dis daar pure ys en sneeu en net sterk mense kan daar 'n rukkie lewe.

Sommige dinge van die poolstreke is bepaald opmerklik. Die poollande het ses maande dag en ses maande nag. Vra bietjie aan julle onderwyser wat hiervan die oorsaak mag wees. Ja, aan die noordpool gaan die son tussen 21 Maart en 21 September nooit onder nie, en die ander halfjaar kom hy nooit op nie. By die suidpool is dit net weer anders om. Gedurende daardie lang dag trek die son ook aan die hemel, maar al bokant die aarde in die rondte. Sy lig is egter nie so skerp nê en sy warmte is maar gering. Dis daar dan ook somer maar dit is heeltemal anders as hier by ons, omdat die storms daar so aanhoudend en geweldig hewig is.

Honderde jare het die mense al probeer om uit te vind, wat daar eintlik in die poolstreke was. Die noordpool het eers die aandag getrek. Wat hulle daar gevind het was ys, en so ru en opmekaargestawel dat 'n mens nie kon deurkom nie. Eindelik het dit die Amerikaanse skeeps-



'n Landskap in die poolstreke in die somer.

Kommandant Peary geluk om op die weselike plek te kom, waar die as van die aarde moet deurkom, maar hy het gesien dat daar niks anders is as water, onder die ys natuurlik, maar hoegenaamd geen land nie.



Met die suidpool is dit anders. As 'n skip van die suidepunt van Suid-Amerika, of van Nu-Seeland af koers vat na die suide toe, duur dit nie te lank nie of hy kom in die Suidpoolsee.

Daar word dieselfde soort ys gevind as by die noordpool, maar daar steek oral berge uit, weselike berge van grond en klip. Hulle maak dus meer moeite om daarheen te gaan en meen dat daar steenkool te vind is. Ja, hulle praat selfs al van goud!

Die laaste jare het verskillende van die lande gedurig ekspediesies uitgestuur in die hoop dat daar meer sou bekend word van hierdie onbekende dele van die aarde. Engeland, Frankryk, Rusland, Duitsland, Swede, het al almal probeer. Dit beteken heelwat ontbering vir daardie moedige manne, dikwels moet hulle baie ly en baiekeer raak hulle dood. Solank as hulle op die skip kan bly gaan dit nog. Daar in hulle kajuite kan hulle tog nog



Kleding van 'n reisiger in die poolstreke. Vir die noord- of die suidpool is die kleding eners.

warm word, hoe woes dit ook buite gaan. Maar op die skip kan hulle nie bly nie. Hulle neem hul kans waar om gedurende die somermaande tussen die ys deur te kruip, en 'n plek te vind, waar die vaartuig gedurende die winter kan stillê sonder om deur die ys stukkend gedruk te word. Gewoonlik word daar dan 'n huisie van hout gebou en daarvandaan onderneem hulle togte met sleë, wat deur honde getrek word. Die honde kom uit Siberië. Hulle is gewend aan ys en sneeu en geskik om te trek. Die manne draai hulle toe in dik wolklere, want alles

wat bloot is aan hul liggaam of nie genoeg bedek is nie, is in gevaar om te bevries. Hulle neem slaapsakke mee, waarin hulle kruip om te slaap, partykeer somar twee man in een sak, om te probeer om warm te bly. So gaan hulle dan in 'n tentjie lê of in 'n hokkie, wat van sneeu-blokke gebou is, en moet dan soms daelank stil sit om te skuil vir die gruwelike winde. Die honde lê dan buite in die sneeu. Ons kan ons so 'n lewe van ellende en ongemak byna nie voorstel nie. Hulle gaan met hulle honde-sleë ver van die skip af weg, om soveel moontlik van die




streek te sien. Hulle wil natuurlik ook graag iets nuuts rapporteer as hulle na twee of drie jaar weer in hulle vaderland terugkom. Op sulke reise is honger hul ergste vyand. Baiekeer moes hulle op die togte honde slag om die mense in lewe te hou. Die manne is dan naderhand verplig om saam met die honde te trek of as al die honde geslag is dit alleen te doen.

Die yspaaie is maar sleg. Die slee moet die opdraans uitgesleep word. Dan gaan dit weer om die ysbulte of daaroor heen

Hier en daar val 'n man in 'n gat of kraak in die ys, oordek met los sneeu. So iemand word dan alleen gered deurdat hulle almal met die trektoues en tuie aanmekaar vasgemaak is en sy maats hom weer kan optrek.

Moeisaam en treurig is die trek en dit duur langer as wat hulle gemeen het. Die kos word minder—daar is byna niks meer nie. Hulle besluit om die tog op te gee en na hulle skip terug te gaan. Maar daar oorval 'n ge-

weldige storm hulle. Hulle slaan die tent op, laat hulle vassneeu en wag op beter weer. Die een dag na die ander hou die vreeslike wind aan. Ag dae sit hulle al daar, en die laaste bietjie kos raak op. Hulle word by die dag swakker en raak deurmekaar van honger. Siekte tas hulle aan, maar om na buite toe te gaan beteken die dood. Met stywe lede en verlamde tonge leun die een teen die ander. Daar sterf een. Môre nog een. Oormôre



Skip ekspres gebou om deur die ys van die poolsee te breek.

weer een. Die laaste man sit teen 'n tentpaal geleun, papier op sy knieë, 'n potlood in die hand. Hy skryf nog. Iemand sal hom wel eenmaal vind. Hy sit by sy vrinde, wat almal rondom hom dood lê. Hul lyke is versteen deur die koue, en dit sal nie vergaan nie. Sy denkkrag word al minder en minder, en gee eindelik op. „Ek kan nie meer nie,” so skryf hy nog, „ek sterf.” 'n Oomblik later is hy die vierde lyk.

'n Mens moet d'arems iets vir die wetenskap oorhê om vrywillig so 'n lyding deur te staan. Dit gebeur gelukkig nie op elke reis nie. Die meeste helde kom weer veilig by hul skip uit. Daar kan hulle dan weer asemskop na so 'n lang reis met die voet.

Daar kan hulle rus na die angstige togte. Daar kan hulle herstel van hul wonde, kneusinge en kwale.

Dis wonderlik dat baie van die swerwers later weer na die suidpool toe gaan. Nieteenstaande die vreeslike ontberings en die harde lewe, lok die land hulle aan. Ewige sneeu, ysvlaktes, wat nooit smelt nie, onbeskryflike skoon tonele in die lug, wat deur elektrisiteit ontstaan, 'n stilte en rus, wat jy nêrens anders aantref nie, geen diere behalwe enkele voëls—en dan die afwesigheid van die woeelige, rustelose menselewe in die stede van die groot wêreld met al hul verleiding, misdaad en sonde, dit is die dinge, wat in die poollande aantrek.

Die poolstreke was nie altyd so koud, ru en onherbergzaam as wat dit nou is. Aan die suidpool het hulle steenkool ontdek, wat beteken dat daar eenmaal woude gestaan het. Bome groei nie in die bitter koue wat daar nou heers nie. Ook het hulle varingblare gekry, in die rotse afgedruk. In voorhistoriese tye moet dus die klimaat daar heeltemal anders gewees het.

EK WOU DAT EK RYK WAS.

Dit was 'n snaakse klompie: voor die deur van die boerewoning het 'n grysaard 'n pypie gerook, en 'n seuntjie van sowat vyf of ses jaar het op sy linkerknie gesit. Ek sou hom uitvoeriger kon geskilder het, as ek hom maar langer kon sien. Soos aan die lindeboom te sien was, waaronder die twee gesit het, was daar geen luggie nie. Uit die bruin erde-pyp kom een wolkie na die ander, sodat dit byna net soos 'n mis gelyk het. Die donkerheid wat so ontstaan het, het amper iets aantreklik gehad in vergelyking met die helder lig van die oggendson, wat oor die groep weerkaats word van die ruite af. Somtyds het hulle hardop gelag en dan weer het daar 'n vet armpie aan die lig gekom, en op 'n ander keer kon 'n mens die grys lokke net soos silwer sien. „Wees maar gerus as jy miskien bang is, dat ek vir jou in die Amersfoorter tabak sal laat stik”: dit het gelyk of die seuntjie byna benoud geword het van die rook. Hy het afgespring van die knie en haastig na die put toe geloop, wat digby die woning en waarvan die ketting en die emmer altwee onder die hout afdakkie was. Die huisvrou wat netnou water geput het, het versuim om die ketting op te draai, en daarom het hy oor die muur heen en weer geswaai.

„Wees versigtig, wees versigtig! Japie!” sê die ou man.

Die kind was al die gevaarlike plek verby, en het begin agter 'n skoenlapper te loop, wat uit die boom voor die woonhuis na die heining van die groentetuin gevlie, en op 'n meidoring gaan sit het, in die bereik van die handjie, wat hom wou gryp.... Maar kyk!.... daar vlie die wit vlerkies net voor die vingerpuntjies dit kan beetkry; daar vlie hulle op en sweef ver bo

die hoë bome, wat aan die anderkant van die huisie die wag gehou het by die hek van die erf.

„Ag, hoe steek die dorings,” sê die seuntjie, toe hy weer aan die knie van die grysaard kom met 'n gesig wat wys dat hy seergekry het.

„Ja, dis net soos jy met hulle omgaan,” was die antwoord; maar in geval daar iets wysgerigs in was, die woelwater het nie vir 'n verklaring gevra nie: alweer is hy al agter die skoenlapper aan, en toe hy sien dat hy hom nie sal vang nie, het hy 'n handvol blomme in die tuintjie voor die deur gepluk.

„Omie,” vra die seuntjie, terwyl hy 'n blommetjie aan hom gee, „wat is dit?”

Die ou het die stengeltjie gevat, en dit van onderaf gevoel tot hy by die kelk van die blommetjie kom, en toe het hy sy vingers oor die groot blare laat gaan, wat van buite net soos satyn en van binne iets van ferweel gehad het, en gesê:

„'n Lelie, Japie.”

„Reg geraai, omie,” het die kind gejuig,—die eenvoudige kind het hom verwonder oor die opmerksaamheid van die blinde man.

„En wat is dit?”

Maar die ou man het die peonie nie betas nie; hy het van die bank af opgestaan en geluister; ja waarlik, hy het hom nie bedrieg in die voetstappe, wat hy al van ver af gehoor het nie. Die knip van die hekkie word opgelig—en 'n jongeling wat ingekom het, kom al nader, en druk hartelik die hand, wat na hom toe uitgesteek word.

„Vader, hoe gaan dit?” vra hy.

„Wel, Huib, so goed as dit met my kan gaan—en na jou stem te oordeel, gaan dit met jou ook goed,” antwoord die grysaard, en voeg dadelik daarby: „Japie, bring jy die pyp van oom binnetoe, op die vensterbank, weet jy, en móenie dit laat breek nie.” Toe het hy weer op

die bank gaan sit, en volgens ou gewoonte het hy sy kop na Huibert, wat reg teenoor hom staan, opgelig.

Die jong man het jammer gevoel vir die oë, wat so verniet probeer om te kyk.

„Huib, my kind, wat makeer jou?” het die ou begin, toe die stilte van ’n paar oomblikke vir hom al te lank was.

„Vader, ek wou dat ek ryk was.”

„Wat jy sê, het ek ook al gewens,—mag ek jou vra, wens jy dit met ’n edele bedoeling?” Daar was ’n gerug van dokters, wat met hulle kuns aan lyers wat geen hoop meer gehad het nie, die gesig weer gegee het. Hoekom het Huibert nou nie die middels nie om die bekwaamheid van die dokters te probeer vir sy vader? In sy bloulakense baadjie, sy nanking broek, sy keppie op sy blonde kop, het hy welvarend daar uitgesien, maar hy was arm, armer as ’n mens sou gedink het. Daar is deugde, regte boeredeugde, wat, van geslag tot geslag oorgeplant, aan die gesig ’n besondere uitdrukking gee; en Huibert se voorkome, wat iets innemends gehad het, Huibert se kleur, wat iets gesonds gehad het, Huibert se blik, wat iets opens gehad het, Huibert se maniere wat hulle deur trouhartigheid gekenmerk het,—het almal bewys dat hy van ’n goeie famielie was. Maar wat het dit hom gehelp? As hy tog maar soveel geld gehad het, dat hy sy vader al was dit ook maar vir ’n paar weke in die hoofstad kon onderhou, dat hy, al was dit verniet, gehelp kon word! Al wat sy krag, en al wat die vlugheid van sy jong dae tot nog toe kon klaarkry, was maar om kos te verskaf vir hom en vir die grysaard. en verder as die dorp kon hy nie gaan nie. Ek het byna vergeet dat hy ook ’n jong sussie nog moes onderhou. Dit het so min gelyk in die oë van die seun: maar laat ons sien, hoe die blinde vader dit gewaardeer het.

„Huib, Huib!” sê die ou, „geen wonder dat die teenspoed wat my my plaas en my goed laat verloor het, moeder in die graf gebring het nie. Sy het seker voor-

uit gesien dat die ongeluk ons die swaarste sou druk in ons kinders. Die goeie vrou is by God, en as ek tog ook maar eers daar was."

„Moenie so praat nie, vader," het die jong man gesê, terwyl hy die trane van die wit ooghare sien afloop. „Ek wens maar net ryk te word om—"

„Om my ontwil; maar ook dit is sonde, Huibert. Die Here weet die beste wat goed is vir 'n mens in hierdie lewe."

Altwee het 'n tydjie geswyg.

„Ek wil wed," sê die ou toe, „dat daar in die koerant weer 'n kwaksalwer se advertensie gestaan het. So 'n ding uit die ‚Handelsblad' van die een of ander wonderdoener. Ek wens dat jy ons goeie ou dokter wou glo, as hy sê, dat daar siektes is, waar geen kruie voor groei, en kwale wat geen kunsies kan help nie."

Huibert het nie geantwoord nie.

„Wees gerus, seun," het die ou man daarby gevoeg, „dat jy meer vir my gedoen het as ek kon verlang, en as ek kon verwag, al het jou moeder toe jy in die wieg gelê het, gesê: ‚Man, die kleintjie sal ons staf en ons steun wees!' Somtyds voel ek nie lekker daaronder, dat ek jou die plek in die hotel laat aanneem het nie, alhoewel jy daardeur in staat gestel is om my te versorg toe ek anders—"

„Na die armehuis moes gestuur geword," het die blinde wou sê, maar hoe ver hy ook in die selfverloëning gevorder het, kon hy dit tog nie. Huibert het sy vader lief genoeg gehad, om hom te verseker dat hy nog geen berou gevoel het vir die keus, wat sy toekoms onseker maak het nie, al kon hy nou sowel sy vader as sy suster daardeur onderhou.

E. J. POTGIETER.

DIE KRUISTOGTE.

Elke kind het seker al die predikant of die ouderling hoor spreek oor die duisendjarige ryk. In die boek Openbaring, Hoofstuk 20, vs. 2, staan geskryf van 'n engel, „wat die duiwel gryp en hom duisend jaar vasbind.” Daaruit het die mense afgelei, dat daar 'n tyd van duisend jaar sou verstryk om die lewende en die dode te rig. Ons kristelike jaartelling begin met die geboorte van die Here Jesus, en toe dit nou na die jaar 1000 toe begin te loop, het die mense in Europa baie bang geword, dat die einde van die wêreld naby was. Die jaar 1000 n.K. het verbygegaan sonder dat daar iets besonders gebeur het, en toe begin hulle oral groot kerke te bou, as 'n dankoffer, dat die wêreld nog gespaar was. So sien julle alweer, wat 'n wonderlike ding 'n mens is. Hy glo, dat die hemel 'n beter plek is as die aarde, maar tog is hy bang om te sterf. Hy is net soos 'n kind; let maar op: as Pa en Ma sê, dat hy moet gaan slaap, dan probeer hy nog allerhande uitvlugte te soek, om nog 'n bietjie op te bly.

Nou ja, in die eeu tussen 1000 en 1100 is meesal die pragtige kerke opgerig, waarvan julle seker al prentjies gesien het, en die hele Kristenheid het godsdienstig geword. Dit het die gewoonte geword om na die Heilige Land te reis, en op die graf van die Here Jesus te gaan bid. Die Kristene het gedink om daarmee vir hulle die saligheid te verwerf. Die reise het 'n lang tyd goed gegaan; maar die Turke, wat Jerusalem verower het, het dit vir die pelgrims hoe langer hoe moeiliker gemaak en die Griekse keiser in Konstantinopel het ook al begin bang word, dat hulle sy ryk sal kom aanval. Dit het later dan ook gebeur. Daar kom toe allerlei klagte

in by Pous Urbanus, en die belê by Clermont, in die suide van Frankryk, 'n groot kerkvergadering, wat sou plaasvind in November 1095.

Toe die dag aanbreek, was die hele vlakte met groot tente en kleintjies bedek. Daar was duisende priesters en biskoppe, want in daardie dae was daar net een kerk in Europa en dit was die Rooms-Katolieke. Die pous het 'n aanspraak gehou. In warm bewoordinge skilder hy die onreg, wat die pelgrims aangedoen word en roep die volkere van Europa op, om hulle saam na Jerusalem toe op te maak, die Turke te verslaan en daar 'n kristelike ryk te stig. Hy lê die mense uit, dat hulle groot buit kon maak, dat hulle sondes sou vergewe word, en dat hulle hulle in die oë van die Here baie verdienstelik sou maak.

Urbanus se prediking het die menigte besiel en hulle roep uit: „God wil dit hê, God wil dit hê!” Toe benoem die pous een van sy hoofpriesters om hom by die kruistog te verteenwoordig en heg 'n kruis van rooi stof gemaak, op sy skouer. Iedereen, wat meegegaan het, het ook so 'n teken gedra en so het die trekkers die naam van kruisvaarders gekry.

In die noorde van Frankryk het in dieselfde tyd 'n kluisenaar rondgereis. Sy naam was Peter van Amiëns. Hy het deur sy vurige prediking die mense allerwege opgewek om aan die trek deel te neem. In ons dae sou so iets nie meer kan gebeur nie; die mense glo nou nie meer, dat hulle, deur aan 'n heilige oorlog deel te neem, die hemel kan verdien nie, maar in daardie dae was dit anders. Ook is aan iedere slaaf, wat mee na die Heilige Land toe getrek het, vryheid belowe, en so was daar duisende, wat gegaan het.

Die tog was bepaal om te begin op die 15de Augustus 1096, as die koring in Europa afgesny is. Maar reeds in die lente van die jaar kom daar 15000 mense bymekaar, om na Jerusalem toe te gaan. Hulle trek deur Duitsland en Oostenryk, en moor en roof sover as hulle

gaan. Vernaamlik het hulle dit op die Jode gemunt. Waar hulle ook mense van daardie nasie kry, het hulle hulle doodgeslaan, „want,” sê hulle, „die Jode het die Here Jesus gedood en moet daarvoor gestraf word.” In Klein-Asië het die Turke hulle aangeval en verslaan en Peter van Amiëns vlug met 3000 man weer na Konstantinopel toe terug, om die koms van die groot leër af te wag.

Op die bepaalde tyd trek die groot leër op. Die vrome held Godfried van Bouillon het 80000 voetgangers en 100000 ruiters by hom, en reis langsaam verder. Oral voeg nuwe kommando's hulle by hom, sodat hy eindelijk 600000 onder sy bevel gehad het. Hy het streng krygstug gehou, en het deur Duitsland, Oostenryk en die Griekse ryk gemarseer na Konstantinopel toe. Daar het hulle lewensmiddele gekry, op voorwaarde, dat alle veroweringe in Klein-Asië aan die keiser van Konstantinopel sou kom. In Klein-Asië is die Turke verslaan en na 'n lang weerstand moes die stad Antiogië hom oorgee. Net jammer, dat die kruisvaarders so weinig van die leer van die Heiland verstaan het! In Antiogië alleen is 10000 mense gedood.

Verder en verder gaan die tog, tot hulle eindelijk, in Julie 1099, voor Jerusalem kom. Drie jare is alreeds verby sedert die begin van die tog; 'n menigte mense het reeds van honger en ellende beswyk en dit het vier weke geduur, eer hulle die stad deur bestorming geneem het. Vreeslik was die woede aan altwee die kante; ontsettend die slagting. Duisende en nogmaals duisende Turke is gedood en al die huise geplunder. Drie dae duur die worstelstryd en eers op die volgende Sondag besoek die stryers, onder trane en sugte, die plek waar die Here begrawe gewees het. Nou wil die kruisvaarders Godfried van Bouillon somar koning van Jerusalem maak, maar hy sê: „Hoe sal ek 'n goue kroon dra op die plek, waar my Heiland een van dorings gedra het?”

Hy het die aanbod geweier en noem homself eenvoudig: „Beskermer van die heilige graf.” Reeds die 18de Julie 1100 sterf hierdie vroom man en laat die regering oor aan sy broer Boudewyn, wat die tiitel van koning van Jerusalem aanneem.

Die nuwe ryk het egter nie lank bly bestaan nie. Die Turke was wonderlike dapper mense; julle kan begryp, dat hulle die kruisvaarders nie ongemoeid gelaat het nie.

Omtrent 200 jaar lank het die oorlog geduur. Nou en dan het die Turke 'n veldslag of 'n stad gewen, en dan word daar weer 'n kruistog gepredik en dan ruk daar weer nuwe skare aan. In die geheel was daar sewe kruistogte, maar die end was tog, dat die Turke baas gebly het in Jerusalem tot enige jare gelede, toe na die groot Europese oorlog, Palestiena onder die bestuur van Engeland gekom het.

Ons sou dus sê, dat al die geld verniet uitgegee was, en al die bloed verniet gestort; maar tog was by al die ellende 'n paar vrugte te bespeur. In daardie dae was daar in Europa net twee stande, die edele, wat al die grond in besit gehad het, en die priesters. Die gewone burgers het hulle gereken soos beeste. As die een ridder sy grond aan 'n ander verkoop, het die mense, wat op die grond gewoon het, ook onder die nuwe baas gekom. Hulle mog nie weggaan nie en die edelman het absolute vryheid gehad om met hulle te doen wat hy wou. As hy hulle wou doodmaak, daar was niemand, wat hom dit belet het nie. Maar met die kruistogte het daar 'n klein verandering gekom. Die lyfeigene, wat gelukkig van 'n kruistog af terugkom, was vry en so het die vry burgerstand ontstaan.

Die burgers het bymekaar gaan woon, en het stede en dorpe gevorm. Op die manier het die ridders ook 'n bietjie mak geword, en kon hulle nie meer doen wat hulle wou nie. Vernaamlik in Frankryk het dit nog honderde jare geduur, eer 'n burgerman 'n huis mog bou, of handeldrywe, of ongehinderd mog reis. Daar

was 'n groot, vreeslike rewolusie nodig, om aan die geweld van die rykes en edele 'n end te maak.

Ook nog op ander maniere het die kruistogte gunstig gewerk. Die mense in Europa het meer met die oosterse volke bekend geword, en so het daar meer handel ontstaan, wat dan weer die stede ryk gemaak het. Het die vors van die land nou geld nodig, dan gaan hy by so 'n stad leen, en die burgers het hom dan op een of ander voorwaarde geld gegee, bev.: hulle behoef vir 'n aantal jare geen belasting te betaal nie, of hulle mog vry rondtrek. So het die stede met die hulp van die vorste langsamerhand groot en magtig geword, terwyl die ridders op die kastele agteruitgegaan het en dikwels hulle besittings vir skuld moes verkoop. Op so 'n wyse gaan 'n land goed vooruit, nè!

(Uit De Buitenschool.)

DIE UNIE REEKS SKOOLBOEKE

Daar is nie Beter Klasboeke verkrybaar nie

REKENBOEKIES.

Thompson's Unie Rekenboekies	Graad I. en II.	10d.
do.	Standerd I.	1s.
do.	Standerd II.	1s.
do.	Standerd III.	1s. 4d.
do.	Standerd IV.	1s. 6d.
do.	Standerd V.	1s. 9d.
do.	Standerd VI.	2s. 3d.

Ook in Engels verkrybaar.

GESKIEDENIS.

Robb:— "Young Citizen" Reader (Standards IV. or V.)	9s.
Foggin:— "Civic Reader" (Standards V. or VI.)	3s.
"Stories from S.A. History" (Standards IV. or V.)	2s. 9d.
"Verhalen uit Z.A. Gesch." (Holl.)	2s. 9d.
"Verhale uit S.A. Gesk." (Afrik.)	2s. 9d.
Lombard's General History (Standard V.)	2s.
——— General History (Standard VI.)	3s.
——— Algemene Geskiedenis (Standerd V.)	2s.
——— Algemene Geskiedenis (Standerd VI.)	3s.

WISKUNDE.

Thompson's Junior Algebra (Part I.)	2s. 3d.
——— Algebra—Answers.	6d.
Wilkinson's Geometry. Standard VI. (Form I.)	2s. 3d.
<i>Afrikaans Uitgawe.</i>	2s. 3d.
——— Geometry. Standard VII. (Form II.)	2s. 3d.
Thompson's Test Papers in Mathematics.	1s. 9d.

NATUURWETENSKAP, Ens.

Pooler's Science. (Standard V.)	2s. 3d.
Natuurwetenskap. (Standerd V.)	2s. 3d.
Thompson's Science. Part II. (Standard VI.)	2s. 3d.
——— Natuurwetenskap.	2s. 3d.
Physical Science (1st Year).	3s. 6d.
Teacher's Edition (<i>Cloth Boards</i>).	4s. 6d.
Physical Science (2nd Year).	4s. 6d.
Teacher's Edition (<i>Cloth Boards</i>).	5s. 6d.
Science Test Papers.	1s. 9d.
Corbett's Nature Study (Standards V. or VI.)	2s. 9d.
Natuurstudie (Afrikaans).	2s. 9d.
Stock. A Rural Reader. (Standards V. or VI.)	2s. 3d.
Veeboerdery.	2s. 3d.
S.A. Letterwriter (Bilingual).	3s. 6d.


JUTA & KO., BEPERK

Boekhandelaars en Uitgewers

Pritchardstraat 43, JOHANNESBURG
Hoofkantoor **Adderleystraat, Kaapstad**

ENGELSE LEESBOEKE

THE Platteland Series of English Readers



By F. Handel Thompson.

Book I. contains Stories, Conversations and easy introduction to the language. Books I. to V. A Series of graded Readers specially designed for Afrikaans children, with Language Exercises, Recitations, Conversations, easy Grammar Practice and Songs. Illustrated.

- | | |
|-------------------|-----|
| Book I. | 1/6 |
| Book II. | 1/6 |
| Book III. | 1/9 |
| Book IV. | 2/- |
| Book V. | 2/6 |

JUTA & KO., BEPERK

Boekhandelaars en Uitgewers

Pritchardstraat 43, JOHANNESBURG

Hoofkantoor: Adderleystraat, Kaapstad